IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(TRANSVAALSE PROVINSIALE AFDELING)

A

SAAKNOMMER: CC 482/85 PRETORIA

1988-04-12

DIE STAAT teen: PATRICK MABUYA BALEKA EN 21 ANDER

VOOR: SY EDELE REGTER VAN DIJKHORST EN

ASSESSOR : MNR. W.F. KRUGEL

NAMENS DIE STAAT: ADV. P.B. JACOBS

ADV. P. FICK

ADV. H. SMIT

NAMENS DIE VERDEDIGING: ADV. A. CHASKALSON

ADV. G. BIZOS

ADV. K. TIP

ADV. Z.M. YACOOB

ADV. G.J. MARCUS

TOLK: MNR. B.S.N. SKOSANA

KLAGTE: (SIEN AKTE VAN BESKULDIGING)

PLEIT: AL DIE BESKULDIGDES: ONSKULDIG

---

KONTRAKTEURS: LUBBE OPNAMES

---

VOLUME 378

(Bladsye 21 873 - 21 936)

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

HOF HERVAT OP 12 APRIL 1988.

MR YACOOB : Your lordship will recall accused no. 14 went to the doctor yesterday. As a result of that it is found necessary for him to go to an eye specialist. Subject to your lordship's approval an appointment has been made for 14h00 this afternoon and if it should please your lordship may he be excused now so that appropriate transport arrangements can be made.

COURT : Is that in Johannesburg?

MR YACOOB : Yes.

COURT : Permission is granted.

GEORGE MABENA, v.o.e. (Deur tolk)

MNR. JACOBS : U Edele, net voor ek begin, ek wil net die hof meedeel dat van vandag af ook by geleenthede sal mnr. H. Smit, my kollega saam met ons verskyn in hierdie saak.

VERDERE KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. JACOBS : Ons het gister gekom waar jy vir die hof vertel het van die prefektestelsel. Wat is 'n SRC? -- Student representative council.

Hoe werk dit? -- Hulle werk met die studente se probleme by die skool.

Vertel vir die hof meer? -- Dit werk soos volg. Byvoorbeeld in 'n klaskamer doen 'n onderwyser dinge waarmee die studente nie tevrede is nie, dan sal die studente by 'n lid van hierdie raad gaan kla, wie dit dan sal opneem met die hoof van die skool namens die studente.

Is dit al? -- Ja, dit is die enigste wat ek nou kan noem.

Het hulle vir julle waar jy teenwoordig was verduidelik omtrent studenterade en wat hulle waarde is? -- Ek het sommer daar by die skool daarvan gehoor.

Maar dit moes tog vir julle verduidelik gewees het

julle/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

julle moet nou agiteer vir studenterade en wat die doel van studenterade was? Hierdie idee moes tog van iemand af gekom het wat dit oorgedra het aan julle? -- Ek het vir die eerste keer daarvan gehoor by die skool. Dit is toe dit voorgestel was dat dit gedoen moet word by ons skool naamlik dat ons daardie liggaam by die skool moet hê van die SRC.

Daar was seker ŉ vergadering waarop dit voorgestel was? -- Ek het nie van ŉ vergadering gehoor nie.

Wie het dit voorgestel? -- Ek neem aan sekere studente het die hoof van die skool genader en dit aan hom genoem, naamlik die stigting van hierdie liggaam. Met die gevolg dat die hoof van die skool dit aan ons, die studente, genoem.

Wie is die studente wat die skoolhoof genader het? -- Ek weet nie wat die name van hierdie studente is nie.

Van watter skool af het hulle gekom? -- Dit was terwyl ek nog op skool was te Nyathi Sekondêre Skool waar ek my St.8 vir die tweede keer gedoen het.

Van watter skool af het die studente gekom wat die voorstel aan die hoof gemaak het? -- Dit was studente van ons skool, dit wil sê Nyathi se studente.

Dan moet u mos weet wie is die studente in Nyathi Skool want jy het hulle mos geken? -- Ek het my mede-skoliere geken by Nyathi, maar die studente wat die hoof van die skool genader het, weet ek nie wie hulle is nie.

Wanneer het dit gebeur? -- Dit was in die jaar 1985.

Is jy seker daarvan? -- Ja, ek is seker daarvan.

Is dit die eerste keer wat jy toe hoor van iets soos ŉ studenteraad? -- Nee, ek het die eerste keer daarvan bewus geword dat daar so iets bestaan in die tyd van die boikot van die skole in 1984.

By/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

By julle skool waar jy was in die tyd van die boikot op 9 Augustus 1984 het jy geweet wat is 'n studenteraad? -- Nee, op daardie stadium het ek nog nie 'n goeie kennis daarvan gemaak nie.

Het jy nie eers geweet wat dit is nie? -- Ek het 'n idee daarvan gehad, alhoewel ek nie ten volle op hoogte was nie.

Is dit reg dat julle het op daardie stadium alreeds geëis vir studenterade? -- In watter tyd?

9 Augustus 1984? -- Nee, by daardie datum het ons net geprotesteer omtrent die prefektesisteem.

Het julle nie plakkate gehad waarop enigiets gestaan het omtrent die studenterade nie? -- Nie by ons skool nie. Nie hierdie dag nie. Ons het dit nie gehad nie.

En by die ander skool? -- Ek het dit eers op die 10de gesien toe Davey Hoërskool se kinders gekom het dat dit op die plakkate geskryf was.

Toe julle hierdie dag geprotesteer het teen prefekte, wat wou julle gehad het? Dit is nou 9 Augustus 1984?

MR YACOOB : There is no evidence that on 9 August there was any protest against the prefect system. The evidence is quite clear that ... (Court intervenes)

COURT : That is what this witness has just told us.

MR YACOOB : No, no, he is talking about 10 August.

COURT : He was telling us about 9 August. Your objection is overruled.

MNR. JACOBS : Wat moes dan daar gekom het in die plek van die prefekte? -- Ons sou kinders gekies het wat namens ons na die prinsipaal toe sou gegaan het indien daar enigiets was wat gesê moet word.

MR YACOOB : My recollection is that when he was asked

about/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

about when the SRC was first spoken about or when he first became aware of it, he said when the students ... (Court intervenes)

COURT : Are you coming back to a point which I have already overruled?

MR YACOOB : Yes.

COURT : You cannot do that. If I am wrong I am wrong, but you are overruled.

MR YACOOB : As your lordship pleases.

MNR. JACOBS : Wanneer het julle bespreek julle sou kinders kies in die plek van die prefekte? -- Dit het ons bespreek in die lokasie na ons alreeds begin het met die wegbly-aksie by die skool. Ons het onder mekaar as skoolkinders sommer so gesels.

So, op 9 Augustus 1984 toe julle geagiteer het en geprotesteer het teen prefekte, wat het julle toe besluit moet die plek van prefekte inneem? -- Ek het in gedagte gehad dat ons ander kinders sal moet kies. Die idee was dat daardie kinders volgens my namens ons sou opgetree het. Ek weet nie wat in ander kinders se gedagtes aangegaan het nie.

Het julle dit dan nie bespreek nie? Julle eis nou dat prefekte moet afgeskaf word. Julle bespreek dit. Dan bespreek ŉ mens mos wat moet in die plek daarvan kom? -- Die rede hoekom ons die prefekte bespreek het daar was omdat hierdie prefekte vir ons probleme veroorsaak het.

Jy ontwyk my vraag. Jy antwoord my nie. My vraag aan jou is eenvoudig. As julle besluit het daar julle wil nie prefekte meer hê nie, dan moes julle tog sekerlik bespreek het wat wou julle hê in die plek van die prefekte? -- Nie op daardie stadium nie. Ons het dit nie bespreek nie.

ASSESSOR/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : Is dit nou op die 9de? -- Ja, op die 9de.

MNR. JACOBS : Die vergadering daar in die toilet, hoeveel mense was julle daar wat vergadering in die toilet gehou het? -- Ons was ongeveer twintig.

HOF : Was St. 8 die hoogste klas in die skool? -- Ja, dit was die hoogste klas van daardie skool.

So, julle was die seniors wat dit bespreek het? -- Ja.

MNR. JACOBS : Wie het nou opgetree daar as die leier om die samesprekings te voer? -- Daar was nie ŉ leier gewees nie. Almal het gepraat.

Jy sien, ek wil dit aan jou stel dat hierdie eise van julle was vooraf al geformuleer gewees en vooraf al beplan gewees? -- Ek stem nie saam nie.

En dit was al vooraf beplan gewees dat daar sal op 9 Augustus 1984 ŉ skoleboikot wees? -- Ek weet nie daarvan nie.

HOF : Kan u net vir my sê die vakansie, oor watter tydperk het die vakansie geloop daardie jaar? Was dit in Junie of in Julie? -- Dit was in Juniemaand gewees. Ons het wel tot in Juliemaand weggebly, maar dit was in Juniemaand gewees.

Ek dink dit het seker begin net voor 16 Junie? Of is dit verkeerd? -- Nee, ek kan nie meer so goed onthou nie.

Kan u onthou wanneer julle weer begin het? -- Om en by die 7de of die 8ste van die volgende maand. Ek is nie seker van die datum nie.

Van Julie of Augustus? -- Julie.

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : Het u nou net gesê dat julle het ook in Julie weggebly? -- Nee.

MNR. JACOBS : Jy sien, ek wil dit aan jou stel dat hierdie eise van julle was voorheen voor 9 Augustus 1984 behoorlik

opgestel/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

opgestel en geformuleer en dit was bepaal voor daardie datum op 9 Augustus 1984 gaan daar skoleboikotte wees van dan af? -- Ek stem nie saam nie.

Ek wil u hier verwys na ħ dokument wat ingehandig is as BEWYSSTUK ABA65. Dit was versprei daar onder die skoolkinders in Daveyton, verskillende skole? Bo aan die dokument staan "Let us unite." Ek wil die eerste paragraaf aan jou lees. Dit is gerig aan die skoolkinders. "Fellow students. On Thursday (9/8/84) hundreds of pupils from Mabuya, Davey and H.B. Nyathi boycotted classes making the following demands: Cancellation of the age limit law; (2) Recognition of SRC's instead of prefects; (3) A stop to excessive corporal punishment; (4) Sufficient and relevant textbooks." Stem jy saam? Dit kom daarop neer, dit wys vir ħ mens dat hierdie eise was voor die tyd al geformuleer, want daardie dag het daar ħ skoleboikot begin? -- Ek onthou nie dat ek ooit hierdie dokument gesien het nie.

Jy sien, dit gaan verder. Hulle sê "Our boycott started off peacefully." Hy het dan by julle skool begin as jou getuienis reg is? -- Ja, dit is reg. Die boikot het by ons skool begin.

Ek kom nou-nou terug daarnatoe. Kan jy net vir ons sê, julle het nou daar ħ besluit geneem om op die skoolterrein ħ optog te hou as ek jou getuienis reg verstaan? -- Ja, die besluit was dat ons op die skoolterrein sou protesteer het.

Hoekom? -- Dit was met die oog daarop om die onderwysers en die prinsipaal te laat sien en bewus word dat ons nie met hierdie goed saamstem nie.

HOF : Wat se goed? -- "Corporal punishment" en "age limit."

MNR. JACOBS : Is dit al? -- Ja, op ons plakkate was dit

geskryf/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

geskryf gewees.

Julle kon dit mos aan die hoof gaan vertel het? -- Ons het nie daaraan gedink om die hoof van die skool daaromtrent te gaan spreek nie, want hy was daarvan bewus. Hy het dit aan ons gemeld, naamlik die ouderdomsbeperking. Dit was deur hom aan ons genoem.

Maar julle wou die onderwysers se aandag daarop vestig volgens jou getuienis nou op die "corporal punishment" en daardie tipe ding. Hoekom gaan julle nie na die hoof toe en sê julle wil nie meer lyfstraf hê nie? Hoekom gaan julle nie met julle klagtes na die hoof of die onderwysers toe nie? -- Die onderwysers was daarvan bewus dat die kinders nie tevrede is met die lyfstraf wat toegedien word nie. Byvoorbeeld vroeg in daardie jaar, om en by Maartmaand se tyd, het dit al gebeur dat ŉ onderwyser daar ŉ straf toegepas het van houe op die hand van ŉ kind, dat die kind miskien toegelaat het om sewe houe toegedien te word op die hand en dan weier die kind om verdere houe te vat. Dan sal die onderwyser die kind uit die klaskamer uitjaag. Dit self was ŉ aanduiding dat die kinders nie daarmee akkoord gaan met hierdie lyfstraf wat toegepas word nie.

Dit antwoord nog nie my vraag nie. Hoekom het julle nie direk gesê dit is julle klagtes, dit is wat julle wil hê nie? -- Dit het nie in ons gedagtes gekom dat ons dit so moet doen nie.

Wat van julle klasse wat julle moes bywoon daardie dag toe julle besluit het julle gaan nou so rondloop? -- Bedoel u die dag van die protes?

HOF : 9 Augustus? -- Op 9 Augustus was ons van plan om die lesse by te woon.

MNR. JACOBS/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

MNR. JACOBS : Toe julle daar rondgeloop het op die skoolterrein en so aan, het julle tog nie plan gehad om klasse by te woon nie. Julle moes in die klasse gewees het en julle was nie? -- Wat die lesse betref op daardie tydstip, eintlik het hierdie ding gebeur omdat hulle ons laat skoon maak het gedurende die lesings se tyd.

Maar jy antwoord nog nie my vraag nie. Wat van die klasse wat julle moes bywoon toe julle nou so marsjeer het? -- Ons wou daar marsjeer het met die doel dat hulle dit moet sien en dan later terugkeer na die klaskamers toe.

Was dit so bespreek? -- Dit is wat ek geweet het sou plaasvind.

Is dit so bespreek? Hoekom antwoord jy nie my vraag nie? -- Ons het dit nie so bespreek nie.

Was julle nie toe bang dat as julle nou begin klasse boikot dat daardie mense gaan nie slaag die end van die jaar nie en dan gaan die ouderdomsbeperking hulle vang nie? -- Daardie dag was ons nie bang gewees nie.

Die plakkate wat julle gemaak het, stem jy saam dit is baie gerieflik dat op hierdie spesifieke dag was daar nou skielik kartonne en verf beskikbaar by die skool? -- Nee, ek stem nie saam nie.

Maar waar kom hierdie plakkate - dit moes tog vooraf daarheen gebring gewees het die kartonne en die verf om dit daar by die skool te hê? -- Nee, dit was nie voor die tyd voorberei nie. In die toilette self staan daar groot kartonne waarin toiletpapier gehou word. So, die kartonne was reeds daar beskikbaar gewees. Vusi is die persoon wat die perseel verlaat het, naamlik die latrine en uit is en later het hy met die verf teruggekeer in die latrine in. Wat ek verder

kan/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

kan sê is dat Vusi woon in die onmiddellike omgewing van die skool.

Het julle hom gestuur om verf te gaan haal? -- Dit was sy eie ding wat hy gedink het.

Toe wag julle maar, 'n ding wat hy in sy kop het, tot hy nou klaar terugkom en dan kan julle nou aangaan met wat hy dink? -- Onmiddellik na Mxolise die voorstel gemaak het van die maak van die plakkate, het Vusi ons daar agtergelaat. Ons het voortgegaan met die besprekings. Later het hy teruggekeer.

Jy sê nou julle het besluit julle moet plakkate maak, nou gaan julle met besprekings voort. Het julle nie bespreek waarmee gaan julle nou plakkate maak nie? -- Dit was nog 'n voorstel gewees van Mxolise hoe dit sal wees as ons plakkate gemaak het. Onmiddellik toe hy daardie voorstel gemaak het het Vusi ons daar agtergelaat en die plek daar verlaat. Ons het agtergebly en verder gepraat oor hierdie aspek van die voorstel, hoe ons die plakkate gaan maak en later van tyd het Vusi toe met die verf opgedaag.

Julle het nie geweet hy gaan dit haal nie. Julle het die plakkate bespreek. Nou vra ek vir jou het julle nie bespreek hoe gaan julle dit maak of waar gaan julle die goed kry nie? -- Nee, ons het voortgegaan met ons besprekings, wat eintlik nie die plakkate betrek het nie. Ons sou later teruggekeer het na die kwessie van die plakkate wat dan die maak daarvan ook sou ingesluit het.

Jy sien, ek wil dit aan jou stel dat daar was nie so 'n ding dat daar besluit is om plakkate te maak nie. Dit was voor daardie dag besluit gewees en daardie plakkate was beskikbaar daar by die skool daardie dag? -- Nee, ek weet

nie/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

nie daarvan nie.

Terwyl julle nou hierdie vergadering so in die latrine gehou het, was die ander kinders in die skool? Het hulle skool gegaan? -- Bedoel u in die tyd wat ons die plakkate bespreek het?

In hierdie hele vergadering wat julle gehou het in die toilet? -- Nee, die meisiekinders was nog besig om die klas-kamers skoon te maak.

En die ander kinders? Julle was mos nou net twintig wat daar was? -- Hulle was orals op die perseel van die skool. Van hulle was ook in die nabyheid van die toilette.

Was hulle nog besig om die skoolperseel skoon te maak? -- Wat buite op die perseel was, was seuns gewees. Hulle was al klaar gewees met die skoonmaak van die perseel.

Het julle die ander kinders na julle toe geroep om deel te neem aan die optog op die skool? -- Nee, op daardie stadium was dit net ons gewees in die toilette besig om dit te bespreek.

Nadat julle dit bespreek het, na julle die plakkate gemaak het, toe julle nou begin het met die optog, het julle die ander leerlinge almal nader geroep om deel te neem? -- Ek neem aan dat toe Vusi met die verf daar aangestap gekom het, was van die kinders op die perseel nuuskierig gewees om te weet waarheen hy met die verf gaan, na aanleiding waarvan Vusi toe aan hulle gesê het wat gedoen gaan word met die verf. Hierop het hulle dit toe versprei, die woord versprei op die perseel.

Hoe weet jy dit? -- Dit is wat ek dink wat gebeur het want Vusi moes by die skoolkinders verby gestap het met die verf wat hy gehad het. Dus van die kinders sou nuuskierig gewees het om te weet waarheen hy gaan met die verf. Dus

het/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

het hy vir hulle gesê.

Ek verstaan nie hoekom jy sulke raai dinge hier vir die hof kom vertel nie. Ek het nie vir jou gevra om te raai nie. Vertel asseblief net vir die hof wat jy weeet. Jy kon dit maklik geantwoord het deur vir die hof te sê julle het die kinders geroep of julle het hulle nie geroep nie? -- Ons het hulle nie genooi nie.

Wie het gesê julle moet na Davey se skool gaan? -- Terwyl ons daar besig was om op te marsjeer op die perseel van die skool, het een van die kinders geskreeu en gesê dat ons na Davey toe moet gaan.

Wie is hy? -- Ek het nie gesien wie die persoon is wat geskreeu het nie, want die persoon het van agter hierdie optog geskreeu en ek was voor gewees. So, dit was agter my.

Wie het toe besluit julle moet nou na Davey toe gaan? -- Toe die kind geskreeu het agter my dat ons Davey toe moet gaan, het ons nog aangegaan met die optog op die perseel. Van die kinders het afgebreek by hierdie optog van ons en uit die perseel gegaan. Ek kan dus nie sê wie tussen daardie klomp wat afgebreek het gesê het dat ons nou moet uitgaan nie.

Waar was die plakkaatdraers? Was hulle voor by jou gewees? -- Hulle was orals in hierdie optog gewees, nie almal heel voor nie. Die plakkaatdraers was by verskillende punte in hierdie optog gewees.

Julle twintig wat daar in die latrine vergadering gehou het en besluit het om hier op die perseel onder die onderwysers se aandag te bring wat julle eise is, hoekom het julle toe nie gesê nee, stop daardie kinders, hulle kan nie Davey toe gaan nie? -- Op daardie stadium het dit nie in my gedagte gekom

dat/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

dat ek hulle moet keer nie, want ek is daarvan bewus dat Davey se kinders ook dieselfde identiese probleme gehad het as dié wat ons gehad het.

Wat wou julle dan by Davey gaan maak het? -- Wat my betref, die doel van ons om na Davey toe te gaan, was met die oog daarop dat Davey se kinders by ons moet kom aansluit dat ons almal deelneem aan dieselfde ding.

HOF : Dieselfde ding is dan wat? -- Wat die eise betref, want die vriende van my wat by Davey skool was, het ook vir my gesê dat hulle ook dieselfde probleme ondervind met die ouderdoms-beperking.

Wat is dieselfde ding waaraan julle moet deelneem? -- Dieselfde ding waarvan ek praat waaraan hulle moes deelneem is dat hulle by ons moet aansluit, dit is Davey se kinders en dat ons dan in 'n optog deelneem almal en dit moet ons doen om deur die lokasie te loop dat die ouers ook kan sien wat die eise is waaroor ons die optog gehou het.

MNR. JACOBS : Is dit reg, dit moes 'n protesoptog gewees het? -- Ja, wat betref die ouderdomsbeperking en die lyfstraf.

Was dit daar al in die toilet bespreek dat Davey sal ook saam met julle moet gaan en dat daar so 'n protesoptog moet wees? -- Dit was nie in die toilet bespreek nie.

Jy sien, dit is darem eienaardig, dat hier 'n ding wat onskuldig ontstaan, soos jy dit wil voorgee aan die hof, en 'n opmars net in die rondte op 'n skoolterrein, wat nou ewe skielik moes word 'n protesoptog in die hele lokasie?-- Na die kind geskreeu het in die optog daar op die perseel van die skool dat ons na Davey toe moet gaan, het ons die perseel van die skool verlaat. Op pad na Davey toe het ons dit bespreek dat aangesien Davey se kinders ook maar dieselfde

tipe/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

tipe probleme het en dieselfde tipe eise het, dat ons dan liewers by hulle gaan aandoen dat hulle ook by ons aansluit en deelneem aan hierdie optog.

Goed, dit word nou interessant. Wie het so bespreek en besluit? Is dit nou weer die twintig van julle wat in die latrine vergader het of wie is dit wat nou so besluit het? -- Ek het daaroor gepraat. Ek het tussen die klomp kinders gepraat wat deel gehad het aan hierdie optog, wat naby my was. Dit wat ek gesê het wat my idee was het die kinders wat binne hoorafstand was gehoor wat ek gesê het.

HOF : Was jy dan die leier van die groep? -- Nee, ek was nie die leier nie.

Wie was die leier van die studente?-- Daar was nie 'n leier gewees nie.

MNR. JACOBS : Wie het voor geloop in die optog? -- Ek het nie gesien nie, want hulle het sommer daar geloop en heelwat van posisie verander.

Jy sien, want dit is baie eienaardig, as ek my kruisondervraging so 'n bietjie vooruit kan loop. Jy het vir die hof gesê jy het in die middel van hierdie optog geloop. Is dit reg? -- Ja, dit is waar ek geloop het.

En die groep wat om jou geloop het wat hierdie besluit geneem het julle gaan nou 'n algemene protesoptog hou, was daar in jou omgewing?

MR YACOOB : He did not say that this group around him decided and took the decision. He said it was discussed amongst the group around him and he raised it.

HOF : Ja, dit is so.

MNR. JACOBS : Heel aan die begin het hy gesê dit was 'n besluit gewees toe ek hom begin vra het - ek mag verkeerd wees, want

ek/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

ek werk nou op my geheue.

HOF : Dit gaan oor besprekings. Ja, die woord besluit is gebruik. Die vraag word toegelaat.

MNR. JACOBS : Wat is jou antwoord? -- My antwoord is dat ek dit met die mense in die onmiddellike nabyheid van my bespreek het.

So, hulle was daar by jou, maar toe julle by Davey kom het mense wat aan die voorpunt was van hierdie lange optog waar jy in die middel was, die uitnodiging aan Davey gerig om saam met julle te kom loop volgens jou getuienis? -- Ons het stadig geloop met ons aankoms by Davey. Met dié het ons toe 'n soort van 'n bondel gevorm daar voor, terwyl die ander kinders nog van agter af gekom wat in die optog was. Die plakkaatdraers van ons het nog die plakkate gedra, as gevolg waarvan Davey se kinders die plakkate gesien het.

Wat probeer jy nou daarmee sê? -- Daarby bedoel ek dit was as gevolg van ons singery daar en dat Davey se kinders dit gehoor het en die plakkate gesien het en toe besluit het om uit te kom.

En aan te sluit? -- Ja.

So, niemand het hulle daar genooi om aan te sluit nie? -- In die singery van ons daar met die optog, van ons mense wat in die optog was het hierdie volgende woorde gebesig "Come and join, come and join us." Dit is terwyl ons gesing het.

Ek verstaan dit nou nie. As 'n mens sing en daar is so baie mense wat saam sing hoe kon jy daardie woorde hoor? Dit kan ek nie verstaan nie en ek stel dit aan u u is nou besig om vir die hof leuens te vertel? -- Ek het die eed geneem om die waarheid te vertel hier. U stelling verstaan ek nie,

want/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

want ek vertel die waarheid.

Hoe kon jy as jy in die middel van daardie optog beweeg en hulle is besig om te sing, gehoor het wat enigiemand gesê het? -- Ja, maar as ek sing sing ek mos met my mond en my ore kan nogtans hoor. Dit affekteer nie my ore nie.

Ek stel dit aan u u vertel nou 'n onwaarheid vir die hof want as mense, nie net jy alleen nie, om jou sing dan is die geraas so groot, jy sal nie hoor wat by die voorpunt van die optog gebeur nie? -- Dit is nie reg nie. As ons begin sing daar is dit nie almal wat sing nie. Daar is mense wat besig is om te gesels en terselfdertyd daar is mense wat daar besig is met "slogans". So, 'n mens kan nie sê dat almal - al die mense in die optog gesing het nie. Die meerderheid het gesing, ja, maar nie by al die punte nie.

HOF : Was die lied nie "Come and join, come and join us" nie? -- Nee.

Dit is nie gesing nie? -- Dit was net woorde wat gebesig was naamlik "Come and join, come and join us." Dit was nie gesing nie.

Is dit geskreeu? -- Ja, dit was geskreeu gewees.

MNR. JACOBS : Jy sien, wat vir my eienaardig is van jou verduideliking nou, ek wil dit aan jou stel, is dat die singery was blykbaar so hard gewees dat Davey se kinders het julle al van ver af gehoor aankom? -- Herhaal die vraag vir my? Ek verstaan nou nie so mooi nie.

Jy wat nou so goed daar kan hoor, ek sê julle singery en geraas was so hard volgens jou getuienis, dat Davey se kinders het julle van ver af gehoor aankom en toe uitgekom? -- Ja, want van die kinders, toe ons daar gekom het was alreeds daar buite gewees. So, hulle het uitgekom.

Die/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Die singery wat julle gehad het toe julle daar geloop het was vryheidsliedere wat julle gesing het, nê? -- Vryheidsliedere? Nee, dit was liedere gewees.

HOF : Was dit kerkliedere? -- Ja. Een van die liedere wat 'n kerklied gewees.

MNR. JACOBS : Een van die liedere? En die ander? -- Ja, een van hulle was "Somlandela Mandela."

HOF : In watter kerk sing u dit? -- Nee, 'n kerklied daar was "Morena Boloka sechaba sa hesu."

MNR. JACOBS : En nog? -- Dit is al liedere wat ek onthou.

Is daar ook gesing van Umkhonto we Sizwe? -- Nee, ek het dit nie gehoor nie.

Het julle nie ook "Siyaya" gesing nie, want dit is een wat baie gesing word? -- Ja, daardie een was ook gesing gewees. Ek onthou dat dit gesing was.

"Siyaya" waarheen het julle gesing? "Epitoli"? -- "Siyaya e Davey."

Wat se slagspreuke is so geskreeu? -- "Amandla."

Hoekom is dit geskreeu? -- Dit is die "slogans" wat daar geskreeu word wat eintlik daarop dui dat ons het die mag om dit te doen.

So, dit is 'n magsvertoon? -- Nee, dit is eintlik nie die mag in die sin dat mense kan baklei nie. Dit is die mag wat ek soos volg kan beskryf. Ons is verenig, dus het ons die mag.

Dit is 'n magsvertoon ook om hierdie protesoptog te hou? -- Nee, dit beteken ons is verenig, ons het die mag nou. Dus is ons in staat om te demonstreer in die lokasie.

Ander slagspreuke wat geskreeu was? -- Nee, dit is die enigste een wat ek gehoor het.

Wat van "Mayibuye"? -- Nee, ek het dit nie gehoor nie.

Kan/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Kan jy vir die hof verduidelik julle aanvanklike "besluit" as ek dit so kan noem, was julle gaan net na hierdie Davey skool toe. Julle in die middel het besluit julle gaan nou ŉ protesoptog hou, maar die voorpunt weet dit nie. Wie het dan vir Davey gesê wat gaan julle dan doen? Hulle is gevra om by julle aan te sluit, maar om wat te doen? -- Dat na Davey se kinders by ons optog aangesluit het, is daar nog ŉ derde hoërskool in Daveyton. Met ander woorde, dan sal ons daarvandaan van Davey af voortgegaan het na die derde hoërskool toe.

Maar ek verstaan nie hoekom nie, want dit is nooit gesê nie. Hoe kan Davey sommer nou aanvaar wat julle gaan doen? -- Toe Davey se kinders aangesluit het by ons optog met ons aankoms daar het hulle die plakkate gesien en gelees wat op die plakkate gestaan het. Dus, van hulle het toe voorgestel dat ons na Mabuya toe moet gaan. Ek is eintlik ook een van die mense wat by Davey na die aansluit van Davey se kinders die voorstel gemaak het dat ons na Mabuya toe moet gaan.

Jy het ŉ voorstel gemaak nadat Davey se kinders aangesluit het? -- Ja, ek het dit gesê.

Het jy na die voorpunt van die optog toe gegaan en vir Davey se kinders gesê voordat hulle aangesluit het "Kyk, julle moet nou aansluit, ons gaan na Mabuya toe"? -- By die omheiningsdraad van Davey aan die kant van die straat waar ons gekom het is daar twee hekke. Heel voor, dit wil sê regoor die punt van die optog is daar ŉ groot motorhek en dan regoor die middel van ons optog waar ek regoor die hek was, is daar ŉ klein hekkie wat ek regoor gestaan het. Met die gevolg is, van die kinders van Davey het die perseel verlaat met die groot motorhek om aan te sluit by die voorpunt van ons

optog/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

optog. Daar was wel van hulle wat by hierdie klein hek uitgekom het, wat dan aangesluit het regoor by die punt en die omgewing waar ek was in die optog. Dit is waar ek hierdie woorde gebesig het.

Dan vra ek vir jou, hoe het die voorpunt geweet julle optog, toe dit daar by die groot hek was, dat julle gaan nou na Mabuya skool toe loop? -- ŉ Ding kan maklik versprek word in ŉ optog tussen mense. Byvoorbeeld as ons dit hier gesê het by die punt waar ek was en mense wat binne hoorafstand was het dit gehoor, het hulle nog vir ander mense gesê, met die gevolg dat die woord so versprei het tot dit na vorentoe gekom het.

HOF VERDAAG. HOF HERVAT.

GEORGE MABENA, nog onder eed

VERDERE KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. JACOBS : So, jy is dan die man wat besluit het, wat die besluit geneem het dat die optog moet nou na Mabuya skool toe gaan? -- Ek het nie ŉ besluit geneem nie. Ek het net melding daarvan gemaak in die teenwoordigheid van die ander wat my gehoor het.

Die kinders van Davey wat dan by die klein hekkie was, het jy dit vir hulle geskreeu dat julle moet nou na Mabuya toe gaan? -- Nee, ek het nie geskreeu nie. Ek het net normaal gepraat.

Het jy dit vir hulle spesifiek gesê by die hek? -- Nee, toe ek dit gesê het was hulle alreeds in die optog gewees.

HOF : Het u so normaal gepraat soos u nou praat? -- ŉ Bietjie harder as wat ek nou praat het ek gesê dat ons nou na Mabuya toe sal gaan van Davey af.

Nee, ek noem dit, want soos u nou praat sal ŉ man reg langs jou jou nie eers kan hoor nie. Jy moet maar hard

praat/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

praat, want die mense in die hof wil graag hoor, daardie daar agter op die banke ook. Mnr. die tolk, die kerklied was "Morena Boloka Sechaba sa hesu." Sal u dit net vir ons vertolk, asseblief.

TOLK : Dit is moeilik om dit sommer net direk te tolk, want anders moet ek dit letterlik vertaal. Ek is eintlik nie so goed op hoogte met die betekenis daarvan en die vertaling nie, maar ek kan vir die hof sê dit beteken dat die Here - "God save our people."

MNR. JACOBS : Hoekom wou jy gehad het dat die optog moes na hierdie skool Mabuya gaan? -- Dit is omdat hulle ook identiese probleme gehad het net soos.

HOF : Is daar nie nog ŉ hoërskool nie? -- Destyds was daar nie nog ŉ ander een gewees nie, maar nou op hierdie huidige oomblik is daar nog ander hoërskole.

Was daar ook nie ŉ ander senior sekondêre skool nie? -- Nee.

MNR. JACOBS : Ken u ŉ skool met die naam van Hulwazi? -- Ja, ek ken daardie skool.

Wat se skool is dit? -- Dit is ŉ hoërskool.

Het dit daardie tyd bestaan? -- Daar was wel kinders gewees te Hulwazi in daardie tyd wat ook die eksamens geskryf het.

HOF : Dan is die antwoord tog dit het bestaan? -- Ja, ek kan so sê.

Hoekom is julle nie soontoe nie? -- Dit is omdat ons nie eers by Mabuya uitgekom het nie.

MNR. JACOBS : Wou julle ook nog na Hulwazi skool toe gegaan het? -- Ek dink so, ja, dat ons ook later sou besluit het om soontoe te gaan, want Hulwazi is ook maar ŉ skool.

Hoekom/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Hoekom het jy nou-nou vir die hof gesê daar is nie nog ŉ hoërskool nie toe die hof jou gevra het? -- Ek vergeet gewoonlik van daardie skool. Hulwazi is een wat ek so baie vergeet.

Wat was die plan, wat wou julle gaan doen as julle nou by Mabuya skool kom? -- Ons sou hulle ook gevra het om by ons optog aan te sluit.

Vir watter doel? -- Sodat nadat hulle aangesluit het ons dan kan voortgaan met die optog in die lokasie.

Op pad na Mabuya skool, het julle weer vryheidsliedere gesing? -- Ons het dieselfde liedere gesing "Senzeni na".

Die een oor Mandela? -- Ja.

Slagspreuke weer geskreeu? -- Ja, van tyd tot tyd was daar slagspreuke gewees.

Toe die polisie op die toneel verskyn het, as ek jou getuienis reg verstaan het, het hulle van voor af gekom en julle het mekaar genader? -- Wanneer nou? Op die tweede dag?

Dit is nou die dag toe julle op pad was na Mabuya skool en julle het nooit daar uitgekom nie. Dit is nog altyd dieselfde dag of het julle nie die polisie teëgekom nie? -- In beide gevalle die twee dae het ons die polisie teëgekom.

Vertel dan nou vir my, het die polisie van voor af gekom?

HOF : Ons praat nou van 9 Augustus. -- Ja, hulle het van voor af gekom.

MNR. JACOBS : Het die polisie gestop in die pad voor en julle pad versper met die voertuie? -- Toe ek die eerste keer bewus geword het van die polisie waar hulle te voorskyn gekom het, was hulle omtrent twintig tot dertig meter vanaf die voorpunt van ons optog. Hulle het naby gekom tot omtrent

tien/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

tien meter waar hulle toe gestop het.

Het hulle die pad versper met hulle voertuie? -- Hulle het nie die pad versper nie. Hulle het net daar gestop.

So, julle kan met die pad langs reg deur geloop het en niks sou julle gekeer het nie? -- Die manier waarop daardie voertuie gestop het, kon ons daar verby gestap het.

In die pad? -- Nee, op die sypaadjies. Daar is sypaadjies daar.

Hoekom wil jy nie die vraag antwoord nie? Hulle het julle pad dan versper? Hulle het in die middel van die pad gestop sodat julle nie in die pad kon loop nie? -- Nee, maar ek het nie u vraag so verstaan nie. Ek het verstaan dat u bedoel het dat die polisie die hele pad versper het. Dit wil sê dat ŉ mens glad nie verby kan kom nie. Ek het nie verstaan dat u praat net van die middel van die pad nie.

HOF : Nee, maar laat ons nou net duidelikheid kry. Bestaan die pad uit ŉ sypaadjie en dan ŉ rystrook en dan weer ŉ sypaadjie? -- Ja, dit is ŉ sypaadjie, ŉ ryvlak en dan ŉ sypaadjie.

Het die polisie die ryvlak versper? -- Nie die hele ryvlak nie. Hulle het daar gestop aan die kant van die ryvlak, dit wil sê aan die linkerkant van hulle soos hulle gery het. Dit wil sê ons kon nog op die ryvlak van die pad verby gestap het aan die teenoorgestelde kant van die pad.

MNR. JACOBS : Hoeveel polisievoertuie was daar? -- Ek dink amper hulle was drie.

Het hulle langs mekaar in die pad gestaan of het hulle agter mekaar gestaan? -- Die twee was agter mekaar gewees. Die een wat op die sypaadjie geparkeer gewees.

So, jy kon ook nie aan daardie kant op die sypaadjie

verby/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

verby gaan nie? -- Nee, 'n mens kon nog daar verby gegaan het, selfs twee persone langs mekaar kon verby gestap het.

En die polisie self, het hulle uit die voertuie geklim en voor hierdie voertuie in die pad op die ryvlak stelling ingeneem met wapens? -- Ja, hulle het.

So, as die opmars sou aangehou reguit loop het op die ryvlak, dan sou hulle in die polisie vas geloop het? -- Ja.

Hoekom het hierdie mars nie gestop toe julle sien die polisie keer julle voor nie? Hier is hulle nou reg voor julle? Hoekom stop julle nie? -- Nee, maar ons is daaraan gewoond om polisie te sien. Byvoorbeeld ekself, ek sal nie sommer so weghardloop vir die polisie nie. Ek is nie bang om die polisie te sien nie.

Wie het gepraat van weghardloop? -- Nee, ek verduidelik op u vraag. U vraag is hoekom het ons nie gestop nie, hoekom
K1289 moes ons gestop het? -- Toe die polisievoertuie daar gestop het, was die optog besig om aan te stap en na hulle gestop het, het hierdie optog stadiger begin beweeg.

HOF : Hoe ver was u nou van voor af? -- Soos ek nou aandui was ek in die eerste klomp persone onmiddellik na die voorpunt. As die optog in drie verdeel kon word sal ek sê ek was in die eerste derde, in die middel van die eerste derde.

En wat afstand betref, hoe ver was u van die heel voorste mense in die optog? -- (Getuie dui distansie aan)

Ongeveer agt, nege meter.

MNR. JACOBS : Is dit reg, terwyl die polisie daar voor julle stelling ingeneem het, het julle aangehou beweeg? -- Toe hulle daar posisies ingeneem het na hulle afgeklim het, het ons meer links beweeg op die sypaadjie, want hulle het daar vuurwapens

gehad/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

gehad en sambokke.

Julle het julle nie laat keer deur die polisie nie. Julle het net aangehou loop? -- Hulle het geskiet. Dit beteken dus dat hulle ons voorgekeer het toe hulle geskiet het.

Voordat hulle geskiet het?-- Voordat hulle geskiet het toe hulle posisie ingeneem het in die straat, het ons die rigting verander en na die sypaadjie toe beweeg en van hulle het saam met ons geskuif na die sypaadjie toe, maar voor ons by hulle gekom het, het die ander toe begin skiet.

So, dit maak dit nog erger. Die polisie het selfs voor julle inbeweeg op die sypaadjie, maar julle het nooit gestop nie, julle het aangehou loop? -- Nee, ek volg nie nou die vraag nie.

Wat verstaan jy nie van die vraag nie? Verstaan jy nie die tolk nie? Dit is 'n eenvoudige vraag. -- Die manier van die vraag verstaan ek nie.

Ek kan nie verstaan wat jy nie verstaan nie. Ek sal dit weer herhaal. Selfs die polisie het voor julle inbeweeg toe julle begin uitswaai na die kant toe en toe het hulle nog voor julle beweeg om julle te stop, maar julle het aangehou beweeg? -- Die straat waarvan ek praat is 'n hoofstraat. Die straat het 'n eiland in die middel met 'n dubbele ryvlak aan elke kant van die eiland. Ons het aan die een kant van die ryvlak van die straat gestap, dit wil sê die een dubbele ryvlak. Die polisie het voor ons ingetrek en dus die regterkantste ryvlak naby die eiland op gaan stilhou. Die een voertuig het op die eiland self gaan stilhou. Toe die polisie posisie ingeneem het op hierdie ryvlak waarop daar nie voertuie was nie, het ons links beweeg, dit wil sê geswaai, die optog om op die sypaadjie dan te stap. Van die mense wat in die

optog/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

optog was, het op die eiland begin loop om verby die voertuig te stap wat op die eiland gestop was.

Jy antwoord nog nie my vraag nie. Jy het ook vir die hof gesê, is dit reg, dat soos julle afbeweeg het van die ryvlak af op die sypaadjie, wat nou sekerlik die eiland dan is, het die polisie ook beweeg nog voor julle in, die gewapende polisie? -- Toe die polisie daar te voorskyn gekom het, die manier waarop hulle daar gekom het, met die vuurwapens en sambokke, was dit duidelik gewees dat ons geslaan gaan word. Dit is voor hulle begin het om te skiet.

En die feit is julle het nooit gestop selfs toe die polisie voor julle inbeweeg het en julle geweet het hulle gaan julle slaan met sambokke? -- Kyk, dit is 'n normale ding om te gebeur. As 'n persoon jou nader en jy sien die persoon is gewapen met iets waarmee hy jou kan slaan en dit kyk direk na jou toe, sal dit outomaties met jou gebeur dat jy moet skrik dat die persoon jou maklik sal slaan en dus moet jy pad gee. Dit is wat gebeur het. Die mense het sambokke gehad. Ons kon sien dat hulle eintlik vir ons kon slaan. Dus het ons padgegee van hulle af.

Het julle weggehardloop? -- Eers na hulle begin skiet het, het ons, ja.

Maar julle het nie tot stilstand gekom die opmars toe die polisie voor julle inbeweeg het nie, maar aangeloop na hulle toe? Jy kan dit maklik antwoord, ja of nee? -- Ons het nie gestaan nie, maar ook nie direk na hulle toe gestap nie. Ons het afgewyk van daardie rigting af om op die sypaadjie te kom.

HOF : Verby? -- Ja, ons wou verbygegaan het.

Maar was dit duidelik dat die polisie daar was om

julle/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

julle te keer? Hulle swaai dan die sambokke? -- Dit was duidelik gewees dat hulle daar was om ons voor te keer.

En as julle gaan probeer om by hulle verby te kom dan kom daar moeilikheid? -- Dat daar moeilikheid sou gekom het as ons direk na hulle toe gestap het, sien ek dit, maar eintlik was ons in 'n optog daar gewees besig om te marsjeer en toe hulle daar gekom het was dit vir my duidelik gewees dat ons geslaan gaan word.

Voor julle by die polisie gekom het, het julle net aan een kant van die dubbelpad geloop of het julle altwee bane van die dubbelpad vol geloop? -- Die optog van ons was orals in daardie straat gewees. Daar was van die mense gewees aan die regterkantste sypaadjie op die ryvlak en van die mense was op die eiland self en dan weer op hierdie ryvlak. Daar was van die mense ook op die linkerkantste sypaadjie.

Maar dan het julle die verkeer seker ook versper? -- Nee, die voertuie kon verbygaan, want Esselenstraat is 'n groot en 'n baie besige straat van huurmotors. Dit kon nog verby ry.

<u>MNR. JACOBS</u> : Op daardie stadium toe die polisie daar voor stelling ingeneem het, het julle nog aangehou met die sing van vryheidsliedere en die skreeu van slagspreuke? -- Toe ons die polisie gesien het na die polisie daar gesien was, het die singery toe afgekom totdat daar op die ou end nie meer singery was nie.

En die slagspreuke van "Amandla" was nog geskreeu daarna? -- Nie op daardie stadium nie.

En ek stel dit aan jou dit was heeltemal weer 'n magsvertoon van julle gewees om te wys julle gaan julle nie eers laat stop deur die polisie nie? -- Nee, ek stem

nie/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

nie saam met u nie.

En die polisie het vir julle gesê julle moet tot stilstand kom en vir julle gesê julle moet uitmekaar uit gaan daarso? -- Nee, ek weet nie daarvan nie.

Hulle het vir julle gesê julle is besig met 'n onwettige optog, onwettighede daarso? -- Ek hoor dit vir die eerste keer wat u dit stel.

Jy sien, ek wil dit aan jou stel dit is baie hoogs onwaarskynlik dat die polisie net daar sal kom en doodstil bly en nie 'n woord sê nie? -- Ons het hulle nie gehoor praat nie. Dit is die polisie. Toe hulle daar gestop het en uitgeklim het met die vuurwapens en sambokke, het van die polisie toe begin skiet. Ek het niks gehoor wat gesê was nie.

Nou het hulle sommer net uitgeklim en begin skiet? -- Dit is wat hulle gedoen het.

Ek dog dan jy het netnou vir die hof gesê hulle het uitgeklim en stelling ingeneem voor die voertuie en julle pad versper en ook voor julle inbeweeg soos julle weggeswaai het? -- Nee, ek het nie so gesê nie. U dink miskien aan die geval van die 10de na ons by Mabuya gekom het, maar nie op hierdie dag nie.

Ek stel dit aan jou jy is besig om vir die hof 'n klomp leuens te vertel, want die polisie was verplig om te skiet op julle. Julle was so gedetermineerd om julle einddoel te bereik dat julle aangehou het nieteenstaande die waarskuwings en nieteenstaande die feit dat die polisie julle voorgekeer het? -- Dit is wat u dink wat gebeur het. Ek weet nie daarvan nie.

HOF : Maar u noem hierdie ding 'n optog. Dit is mos tog nie 'n optog as julle die hele straat vol loop van kant tot kant



Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

nie. Dit is sommer ŉ los bende? -- Dit is my eie beskrywing van wat daar gebeur het. Toe ons weg is na Nyathi toe, het ek aanvaar dat ons besig was met ŉ optog.

Maar sê u nou nog dit is ŉ optog daar waar die polisie julle voorgekeer het? -- Ja, ek sê nog so.

MNR. JACOBS : Ek stel dit ook aan jou dat hierdie getuienis wat jy in hoof gegee het dat die polisie daar sommer so opgetree het sonder enige waarskuwing is eintlik ŉ leuen? -- Ek sê dit is die waarheid.

Kom ons gaan na die 10de toe. Onthou wat ek jou nou gaan vra is alles oor die 10de, 10 Augustus 1984, die volgende dag. Is dit nie reg nie dat 10 Augustus 1984 het jy nie skool toe gegaan nie omdat jy geweet het die oggend vroeg dat daar klasboikotte was? -- Ek het nie geweet nie.

En ek stel dit aan jou verder dat jy is later na die skool toe omdat jy geweet het daar gaan verdere aksie geneem word in hierdie boikot van die skole? -- Nee, ek het nie geweet nie.

HOF : Kan ek net duidelikheid kry hier. Op die 9de, dit is die vorige dag, was daar tog nie ŉ bedoeling om iets te doen wat langer sou duur as miskien ŉ uur of wat nie? -- Die bedoeling van die 9de was dat ons die kinders bymekaar sal kry in hierdie optog van ons en dan deur die lokasie beweeg met die optog sodat die ouers daarvan bewus kan word dat ons in ŉ optog betrokke was en dan vir die hele dag daaraan deelneem. Ons sou eers skool toe gegaan het die volgende dag, dit wil sê die 10de.

Ja, maar die 10de sou ŉ normale skooldag wees? -- Ja.

Nou waarom het u nie u boeke saamgevat nie? -- Dit is omdat ek nie gedurende die regte tyd skool toe gegaan het

nie/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

nie.

MNR. JACOBS : Wat het jy dan by die skool gaan maak? -- Ek het skool toe gegaan met die oog daarop om te gaan sien of die polisie nie daardie oggend by die skool aangedoen het om te kom kyk na die persone wat deelgeneem het die vorige dag aan die optog nie.

Was jy bang vir die polisie? -- Ja, daardie dag was ek bang gewees vir die polisie, want die vorige dag het die polisie geskiet en van die kinders geslaan.

En nieteenstaande jou vrees gaan jy net skool toe op ŉ later stadium? -- Ek was so bang gewees dat ek besluit het om eers te gaan kyk wat die toestand was by die skool, of dit nou ŉ normale skooldag was en of die skool aan die gang is. Indien wel, het ek besluit dat ek eers skool toe sal gaan die Maandag.

Jy is so bang, jy gaan nou kyk, nou kom jy by die skool en jy sien dit is nie ŉ normale skooldag nie en jy is so bang vir die polisie, maar jy gaan tog nie terug huis toe nie. Dit is eienaardig? -- Ek het die skoolperseel binnegegaan omdat ek eintlik presies wou gehoor het wat gebeur.

Wat bedoel jy met om te hoor wat gebeur? Wat gebeur? Waar? -- Wat gebeur daar by die skool, hoekom staan hulle daar buite op die perseel van die skool.

Maar dit was mos boikot - daar was skoleboikot aan die gang op daardie stadium? -- Toe hierdie ding op die 9de begin was, was ons bedoeling dat ons eers die ander kinders bymekaar sal moet kry, dit wil sê dat hulle by ons aansluit en dan voor ons verder voortgaan, sal ons die volgende bespreek, naamlik dat ons die boikot sal uitvoer en ŉ optog opneem deur die lokasie net op hierdie dag van die 9de, sodat die

ouers/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

ouers bewus kan word van wat ons eise was en wat gebeur by die skool. As gevolg daarvan sou die ouers dan die skoolkomitee genader het met hierdie probleme wat hulle sou gesien het, wie dan later ook die departement van onderwys en opleiding, DET sou genader het dat hierdie probleme van ons aandag moet geniet. Verder sou daar besluit word dat die volgende dag, dit wil sê die 10de sou 'n normale dag gewees het vir almal om skool toe te gaan. Dit is wat ons sou bespreek het na ons die ander kinders bymekaar gekry het.

Wanneer is dit bespreek dat dit die bedoeling sal wees dat dit net vir een dag sou duur, dat die ouers dit sien om dit op te neem met die onderwysdepartement? -- Dit is wat ek sê. Ek sê as die polisie ons nie voorgekeer het in die optog daar nie, sou dit gebeur het. Byvoorbeeld as my moeder 'n lid was van die skoolkomitee en ek het deelgeneem aan hierdie optog, het sy gesien dat daar 'n optog was van skoolkinders en ek kom by die huis en sy vra vir my wat het gebeur en ek sê toe vir haar wat gebeur het, is dit op daardie manier wat dit bekend sou geword het aan die skoolkomitee wat dit dan verder sou uitgevoer het.

Jy gaan my nie so maklik ontwyk nie. Jou vorige antwoord was gewees en jy het 'n lang antwoord gegee dit was bespreek en die bedoeling was dat op die 9de sou julle met die optog gegaan het om die ouers se aandag te vestig op julle klagtes. Nou vra ek vir jou wanneer was dit bespreek dat dit die bedoeling was van die aksie van die 9de? -- Wat ek sê is dat ons sou dit na alles bespreek het dat dit 'n normale dag gaan wees die volgende dag vir almal om skool toe te gaan.

Wanneer het julle besluit na alles sou daar 'n bespreking wees? Kom ons kry dit net eers? -- Ek is die persoon wat



Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

daardie voorstel sou gemaak het. Ek sou hulle eintlik gesê het dat dit die posisie moet wees die volgende dag as my voorstel.

So, jy kan nie vir ons sê dat daar was so ŉ besluit gewees dat daar agterna ŉ bespreking sou volg nie? -- Ek sê as die polisie nie met ons optog ingemeng het nie, na alles, dit wil sê na die optog uitgevoer was, sou ek daardie voorstel aan die kinders gemaak het wat teenwoordig is by hierdie optog, naamlik dat die volgende dag is ŉ normale dag en almal gaan skool toe soos normaalweg.

Jy sien, ek wil dit aan jou stel dat op 10 Augustus 1984 was daar ook nie onderwysers by die skool nie omdat daar ŉ skoleboikot was? -- Nee, ek stem nie saam met u nie.

Nou hoekom was die onderwysers dan nie by die skool gewees nie? -- Daar was onderwysers gewees by die skool.

Ek dog dan in jou getuienis-in-hoof het jy vir die hof vertel dat daar was nie onderwysers nie? -- Ek onthou nie dat ek so iets gesê het nie.

Ek stel dit aan jou dit was jou getuienis gewees.

MR YACOOB : No, that was not his evidence. His evidence was that there were no classes. He never said that there were no teachers.

COURT : Just a moment. I will look it up. There were no teachers in the classrooms.

MNR. JACOBS : Waar was die onderwysers? -- Hulle was in die personeelkamer. Van hulle was net daar buite gewees.

Kan jy vir die hof sê wanneer is die besluit geneem op die 10de sal Davey se kinders na julle skool toe kom? -- Met my aankoms by die skool op die 10de het ek gevind dat die kinders daar buite op die perseel van die skool staan.

Daarop/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Daarop het ek die perseel binnegegaan tot by die kinders wat daar buite gestaan het. Die kinders was besig om te gesels daaroor dat die kinders van Davey sal die optog voortsit vandag, naamlik die 10de omdat die optog die vorige dag nie die punt bereik het wat eintlik bedoel was nie.

Sê eerste vir die hof, watter punt is nie bereik wat eintlik bedoel was nie? Laat ons net duidelikheid kry. -- Dit is die skole wat ons nie kon bereik het nie, naamlik Mabuya en Hulwazi.

Wanneer was daardie besluit geneem?

MR YACOOB : It is very unclear what decision is being spoken about. The last answer did not intend a decision.

MNR. JACOBS : Ek praat nog altyd van die besluit - die laaste antwoord was deel van daardie besluit wat hy gesê het dat die besluit was geneem dat Davey se kinders sal na die punte gaan wat hulle nie bereik het nie. Wanneer is daardie besluit geneem? -- Ek weet nie wanneer daardie besluit geneem was nie. Dit is wat ek gehoor het toe ek by die skool kom op die dag van die 10de waar die kinders gepraat het.

Waar was dit geneem? Weet u waar dit geneem is? -- Ek weet nie. Ek het dit van die besprekings gehoor wat daar plaasgevind het op die skool se perseel.

Wanneer was dit besluit dat julle sou saam deelneem met Davey om daardie punte te bereik? -- Ek weet nie waar en wanneer hierdie besluit geneem was nie. Ek het net gehoor daar dat Davey se kinders by ons skool sal kom aandoen met die oog daarop om die optog voort te sit.

Gister het jy vir die hof in jou getuienis-in-hoof gesê dat julle het besluit dat julle gaan aansluit by Davey se kinders? -- Wat ek gister gesê het was, met my aankoms by die skool

op/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

op die skoolgronde het ek gevind dat die kinders van Davey se kinders praat wat daar by ons skool sal kom aandoen met die voortsetting van die optog en die kinders besluit toe daar en sê dat hulle ook sal aansluit by hierdie voortsetting van die optog deur Davey se kinders. Ons het dus almal daar aanvaar dat ons dan verder sal voortgaan saam met hulle in hierdie optog.

Het julle daar 'n vergadering gehou en dit bespreek? -- Op die skoolgronde daar was die kinders in verskillende klompies bymekaar. Ek het by die klomp gekom wat besig was om dit te bespreek. Ek het by hierdie klomp aangesluit en saam met daardie klomp besluit dat ons gaan aansluit.

Het julle toe wat julle daar besluit het oorgedra aan die ander kinders? -- Nee, ons het nie.

Jy sien, ek wil dit aan jou stel, jy het vir die hof gesê hoe bang is jy vir die polisie. Jy het net gaan kyk by die skool of dit normaal is. Jy sien dit is abnormaal, jy sien daar gaan nou 'n optog plaasvind, hoekom het jy nie huis toe gegaan nie, jy wat so bang is vir die polisie? -- Ek is 'n bietjie laat weg van my huis af omdat ek 'n bietjie bangerig was vir die polisie, maar om en by 09h00 het ek besluit om te gaan loer by die skool en sien wat die situasie is. Indien dit normaal was sou ek teruggekeer het huis toe en dan myself voorberei het om die Maandag skool toe te gaan.

HOF : Antwoord nou die vraag. -- Kan u die vraag herhaal?

Die vraag is, jy is verskriklik bang vir die polisie, hoekom gaan jy nie huis toe nie, maar sluit aan by die optog? -- Ek is bang vir die polisie, dit is reg. Hier kom ek by die skool, die polisie is nie daar nie, daar is net kinders op die skoolgronde, daar is niks wat gebeur nie en ek sluit

toe/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

toe by die kinders aan. Waar ek nou by die kinders aangesluit het, besluit ek om nou deel te neem aan die optog saam met hulle.

Was dit nie vir u duidelik dat dit onvermydelik sou wees dat ŉ nuwe optog op nuwe konfrontasie met die polisie sou uitloop nie? -- Ek het die indruk gekry dat die polisie die vorige dag iets verkeerd gesien het met die optog wat hulle later besef het dat dit nie eintlik iets verkeerd was nie. Met die gevolg dat hulle besluit het om dit nie verder op te neem nie. Dit is om daardie rede dat ek besluit het dat ek weer by die optog kan aansluit.

Wat het jou laat besef dat die polisie besef het dat hulle die vorige dag ŉ fout gemaak het? -- Ek sê dit is eers na ek by die skool gekom het en gevind het dat die polisie nie daar was nie dat ek daardie indruk gekry het dat die polisie miskien gedink het en dit reg gesien het dat hulle gister ŉ fout gemaak het toe hulle ŉ fout gesien het in die optog van ons. Dit is hoekom hulle nie vandag hier by die skool was nie. Dus het ek besluit om weer deel te neem aan die optog.

Maar hulle het julle nie die vorige dag by jou skool voorgekeer nie, hulle het julle voorgekeer by ŉ ander skool, op pad na ŉ ander skool toe? -- Ja.

Nou wat het jou laat aflei dat hulle jou nie weer sal voorkeer op pad na ŉ ander skool toe nie? -- Dit is omdat ek in my gedagte die volgende gehad het, dat daar niks verkeerd was met ŉ optog indien ons besig is om te protesteer teen sekere dinge wat ons nie wil aanvaar nie.

<u>ASSESSOR (MNR. KRUGEL)</u> : Het jy gedink dit is ŉ wettige optog of het jy geweet dit is nie wettig nie? -- Ek sien dit as

ŉ/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

ŉ optog van ons wat skoliere is en ek weet nie of dit ŉ wettige een of ŉ onwettige een is nie, maar ons maak hierso iets bekend waarmee ons nie saamstem nie.

Julle het nie daaraan gedink om toestemming te kry om ŉ optog te hou nie? -- Nee.

HOF : In elk geval, of dit nou wettig was of onwettig, dit was ŉ buitengewone ding om in skoolure ŉ optog te hou en al die ander skole te ontwrig, was dit nie? -- Wat ek in gedagte gehad het was dit wat ons oor kla affekteer al die hoërskole van Daveyton en dit was bekend gemaak by al die skole en dus goed gedink dat ons dit almal op dieselfde dag doen, naamlik om dit te opponeer en deel te neem aan die optog.

MNR. JACOBS : Daar by julle op hierdie betrokke dag ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Ons is nou terug op die 10de Augustus?

MNR. JACOBS : Die 10de. Het julle plakkate gehad weer? -- Nee, ons het nie.

Die ander kinders, Davey se kinders, hoeveel plakkate het hulle gehad? -- Ek het net een gesien wat ek persoonlik gesien het.

So, daar was nie meer as een plakkaat dan daar nie? -- Toe Davey hoërskool se kinders aangekom het, net voor ons aangesluit het by die optog, het ek net een plakkaat gesien. Na ons aangesluit het terwyl die optog nou besig was om te beweeg, was daar heel agter aan hierdie optog nog plakkaat-draers gewees.

Het julle aangesluit by die agterpunt van die optog van Davey? -- Nee, by verskillende punte na hulle daar gekom het, het hulle gaan staan. Ons het dus aangesluit by verskillende punte.

Wat/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Wat het op hierdie ander plakkate gestaan? Jy het tog seker gesien? Nou staan hulle stil? -- Davey se kinders toe hulle daar gekom het die dag was hulle ongeveer 'n duisend. Die plakkaat wat ek gesien het, het ek gesien by die klomp wat heel voor was. Hulle was nie almal bymekaar in een bondel nie. Die res van die plakkate het ek later gesien by die ander klomp wat agter was.

Die klomp wat agter was wat jy gesien het, wat het op hulle gestaan? -- Ek kon nie sien wat daarop gestaan het nie, want ons was nie bymekaar gewees nie. Hulle was 'n entjie ver agter my. Ons het nie in dieselfde klomp of bondel mense gestap nie.

Hulle was omtrent 'n duisend in hulle optog. Hoeveel van julle skool het aangesluit by die optog? -- Ek skat ongeveer honderd of tweehonderd kinders was by die skool gewees met my aankoms daar. My skatting is dus, dieselfde getal, ongeveer honderd of tweehonderd het aangesluit by hierdie optog.

Julle het nou geloop met Esselenstraat en die kruising van Esselen- en Mookistrate genader op pad na Mabuya Skool?

HOF : Moet ons hierdie tweede dag se optog in hierdie detail behandel?

MNR. JACOBS : Ek wou dit net gekry het of dit ook weer soos die vorige dag oor hierdie teerstraat geloop het en hoe hulle geloop het.

HOF : Vra vir hom of hy oor die teerstraat geloop het?

MNR. JACOBS : Was dit op hierdie keer dieselfde as die vorige keer dat die mense op beide ryvlakke en oor die middelman wat daar is, die eiland, geloop het terwyl julle beweeg het in Esselenstraat? -- Daar was ander strate gewees voor ons by Esselen aangesluit het. Barwa is een van hulle wat ons

deur/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

deur geloop het ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Die vraag is net eenvoudig het julle die hele Esselenstraat vol geloop, ja of nee. Sê maar net ja of nee? -- Nee.

MNR. JACOBS : Het julle net op die een ryvlak geloop? -- Nee.

MR YACOOB : The reason why that explanation probably given was because all the streets may not have had the same sort of structure in terms of islands and so on.

COURT : Well, may be or may be not, but the question was whether they covered the whole width of Esselen Street and the answer is no.

MNR. JACOBS : Die polisie het julle in Esselenstraat weer voorgekeer. Hulle het op die hoek van Esselen- en Mookistrate gestaan.

HOF : Is dit Eiselen- of Esselenstraat?

MNR. JACOBS : Eiselen, ek weet nie wat die werklike uitspraak is nie.

HOF : In elk geval, wat is die vraag?

MNR. JACOBS : Het die polisie julle voorgekeer terwyl julle in Esselen- of Eiselenstraat beweeg het en hulle gestaan het op die hoeke van Mooki- en Eiselenstrate? -- Nee, dit was nie op daardie hoek gewees nie.

Die polisie het voor julle stelling ingeneem een of ander tyd? -- Dit was alreeds naby Mabuya hoërskool gewees.

Het hulle stelling ingeneem voor julle, ja of nee? -- Nee, maar ons praat nou van die voorval van die 10de. Die polisie was by Mabuya gewees waar hulle die skool omsingel het.

Op die 10de Augustus 1984 het die polisie julle nooit voorgekeer nie. Is dit reg? Is dit wat jou getuienis nou is? -- Eers toe ons te Mabuya kom, is waar die polisie voor



Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

ons was en waar hulle ons gekeer het.

Ek kan nie verstaan hoekom antwoord jy dan nie die vraag as dit so eenvoudig vir jou gestel was nie. In watter straat was julle gewees toe die polisie voor julle stelling ingeneem het? -- Ons was in Eiselen.

Het die polisie hulle voertuie weer op die padoppervlakte die rygedeelte geparkeer voor julle? -- Die polisievoertuie was orals daar gewees.

Was hulle geparkeer voor julle in die pad, ja of nee? -- Eiselenstraat maak 'n T-aansluiting met Mooki en die perseel oorkant die straat van Mooki op hierdie T-aansluiting is Mabuya hoërskool. Die polisievoertuie was geparkeer gewees in Mooki. Dus kan ek nie sê of hierdie voertuie op die teervlak van die straat geparkeer was en of dit op die sypaadjies was nie, maar die polisie self fisies het in Eiselenstraat gestaan.

Was die voertuie in die interseksie geparkeer of was hulle buite die interseksie? -- Van die voertuie was by die interseksie gewees. Daar was wel ander voertuie orals verder van die interseksie, maar daar was voertuie by die interseksie self.

En die polisie en die voertuie wat by hulle was het effektief julle pad versper? -- Ons was nog in Eiselenstraat gewees voor ons die T-aansluiting van die twee strate, naamlik Mooki- en Eiselenstrate bereik het waar die polisie was. Ons het stadig begin beweeg en mekaar begin vra hoekom staan daardie mense nou daar met verwysing na die polisie. Die rede daarvoor was omdat die polisie ons die vorige dag voorgekeer het. Ons het eintlik nie tot by die polisie gekom nie, toe die polisie op ons begin skiet het.

Kan/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Kan jy nou my vraag antwoord. Die polisie het julle effektief voor versper? Direk voor julle? -- Nee, daar het ons aan die kante van die pad geloop toe hulle begin skiet het.

Jy sien, hoekom ek vir jou vra is, want toe ek vir jou gevra het oor die 9de se gebeure en gevra het waar die polisie so voor julle inbeweeg het, die polisiemanne wat te voet was, toe het jy gesê nee, dit het nie die 9de gebeur nie, maar dit is wat die 10de gebeur het. -- Nee, u het my nie so gevra nie. U vraag was bepaal op die polisie se aankoms daar waar hulle gestop het voor ons en daar was toe ŉ argument gewees tussen myself en u.

Ja, die oorkonde sal vir homself praat. Jy sien, ook op hierdie geleentheid is dit duidelik voordat die polisie begin skiet het, het julle nooit tot stilstand gekom nie. Julle was weer pertinent doelbewus besig om aan te beweeg en julle mag te vertoon? -- Ja, ons het mos in die rigting van Mabuya geloop waarheen ons gegaan het.

En julle het geweet die polisie keer julle voor, die polisie wil julle nie toelaat nie en het hulle uitgetart? -- Nee, ons was nie besig om met die polisie te baklei nie.

As die polisie voor julle staan en hulle keer julle met wapens en hulle keer julle met sambokke, daar is voertuie wat in die interseksie staan, hoekom hou julle aan loop na hulle toe? -- Soos ek al vroeër hier vir die hof verduidelik het dat ek die indruk gekry het dat die polisie besef het dat hulle die vorige dag ŉ fout gemaak het om ons te keer dat hulle fout sien in die optog sien van ons terwyl daar eintlik geen fout was nie. Ek het dus op hierdie stadium gedink dat die polisie daar gestaan het om te sien of daar

regtig/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

regtig fout was met ons optog. Of ons die kinders van Mabuya gaan uitforseer uit die skool uit om by ons aan te sluit.

Maar die feit is, die polisie het nie op die kante gestaan en kyk nie, hulle het direk julle pad versper? --Met ander woorde, hulle het daar gestaan om te verhoed dat julle verby daardie punt gaan waar hulle staan? -- Ek het nie geweet dat hulle daar gestaan het met die oog daarop om ons te verhoed om die punt waar hulle gestaan het verby te gaan nie.

Waaroor dink jy staan die polisie voor julle en keer julle met wapens, met voertuie, met sambokke? -- Kyk, wat met my gebeur het is, toe ek die polisie daar sien, het ek toe geskrik en bang geword as gevolg van wat gister gebeur het. Onmiddellik daarna het hulle toe begin skiet.

Ja, dit weerspreek jou ander storie, maar antwoord nou net my vraag. Ek vra vir jou hoekom dink jy staan die polisie daarso direk voor julle en keer julle met wapens, met sambokke en voertuie in die pad?-- Hierdie punt waarvan ons praat is naby ŉ polisiestasie en die manier waarop die polisie daar gestaan het beskryf ek dat hulle byvoorbeeld gestaan het asof hulle "guard of honour" gevorm het. Nou ja, ŉ mens sal mos nie weet as mense op daardie manier staan van ŉ "guard of honour" of die mense nou besig is om julle voor te keer of wat die posisie is nie. Hulle doen dit gewoonlik as hulle besig is met die begrafnis van iemand.

HOF : Hoekom skrik u dan vir die "guard of honour"? -- Onmiddellik toe ek van hulle bewus geword het toe hulle in my sig gekom het, het ek geskrik en die manier waarop hulle gestaan het, het nie veel vir my beteken nie. Dit is net die teenwoordigheid van hulle wat my gepla het, maar alvorens ek nog iets verder kon gedink het, het hulle toe begin skiet en

nadat/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

nadat ek gedink het aan wat die vorige dag gebeur het, het hulle toe begin skiet.

As u sê hulle staan in die vorm van ŉ "guard of honour" beteken dit in gelid opgestel? -- Ja, ek kan so sê, ja.

Dwars oor die pad? -- Nee, aan die kante van die pad. Daar was van hulle wat so daar beweeg het tussen die wat gestaan het.

Aan weerskante van die pad op die sypaadjies? -- Ja, aan weerskante op die sypaadjies.

HOF VERDAAG. HOF HERVAT.

K1290 GEORGE MABENA, nog onder eed

VERDERE KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. JACOBS : Waar was jy in hierdie deel van die opmars toe julle by die polisie uitgekom het? Was jy aan die voorpunt, in die middel of agter toe? -- Ek was naby aan die voorpunt.

En terwyl julle toe daar so geloop het, was daarso toe nog steeds vryheidsliedere gesing en slagspreuke geskreeu? -- Die singery was nog steeds aan die gang, ja.

En die slagspreuke ook nog steeds geskreeu? -- Ja, daar was slagspreuke geskreeu.

Die polisie het geskiet eers toe julle so tussen die erewag inbeweeg het, die twee rye wat die erewag gevorm het?

HOF : Een-en-twintig skote? -- Nee, ons was nog ver.

MNR. JACOBS : Jy was natuurlik na daardie insident baie, baie bang vir die polisie? -- Na watter gebeure? Die tweede gebeure?

Die tweede gebeure toe die polisie daar geskiet het? -- Nee, ek het nie baie bang geword vir die polisie sodat ek miskien nie weer die polisie wou gesien het nie.

Op 13 Augustus 1984 het jy geweet dat hierdie Maandag

sal/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

sal daar nie skool wees nie, die skole is gesluit? -- Ek het nie geweet nie.

Het jy nie geweet nie? -- Ja.

Hoekom het jy dan skool toe gegaan Maandag, 13 Augustus?

HOF : Hoe klop dit nou met mekaar? Die getuie sê hy weet nie dat die skole gesluit is nie. Nou sê u hoekom het u skool toe gegaan.

MNR. JACOBS : Ek wil sy antwoord daarop gehad het.

HOF : As u ŉ antwoord wil hê moet u ŉ duideliker vraag stel.

MNR. JACOBS : Ek sal dit dan net duideliker maak. Jou getuienis-in-hoof was gewees dat jy het gehoor van ŉ vriend van jou dat daar sal nie Maandag skool wees nie. So, jy het ŉ leuen netnou vir die hof vertel? -- Ek het nie ŉ leuen vertel nie. Ek het hier vir die hof gesê dat ek self het nie daarvan geweet dat daar nie skool gehou gaan word op die 13de nie, maar oor die naweek het ek van my vriende gehoor dat dit wel die posisie was dat daar nie skool gehou gaan word nie.

So, jy het Maandag geweet daar gaan nie skool wees nie? -- Oor die naweek het my vriende aan my gesê dat die Maandag word daar nie skool toe gegaan nie.

Hoekom antwoord jy nie my vraag nie? Dit is ŉ feit dat Maandagoggend het jy geweet daar is nie skool nie? -- Na aanleiding van wat ek van my vriende gehoor het, ja, nie dat ek uit my eie geweet het nie.

En Maandagoggend vroeg is jy nie skool toe nie? -- Ek is nie skool nie op die tyd waarop mense skool toe gegaan het nie.

Omdat jy geweet het daar gaan nie skool wees nie? -- In die tyd wat ek vertraag was om nie skool toe te gaan nie betyds, was ek besig om hieroor te dink dat daar dalk miskien

ander/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

ander kinders was skool toe is. So, later het ek toe besluit om skool toe te gaan sodat ek kon sien of dit regtig so was dat daar geen kinders by die skole was nie.

Jy het ook die oggend gesien daar gaan nie kinders skool toe nie. Is dit reg? -- Die oggend het ek geslaap.

So, dit is dan nie so dat jy die Maandagoggend van die 13de voor skool gesien het dat daar geen nie kinders skool toe nie? -- Ek het nie kinders gesien wat die Maandag skool toe gaan nie. Dit is die tyd wat ek opgestaan het.

Hoe laat het jy opgestaan? -- Om 08h30.

En die skool begin 08h00? -- Ja, dit begin om 08h00.

Nou voor skool, voor die gewone tyd van die skool, is dit nie so dat jy opgemerk het kinders gaan nie skool toe nie? -- Bedoel u voor die tyd dat die kinders met die skool moet begin?

Om 08h00? -- Ek het nog geslaap. Ek het dit nie gesien nie.

Want jy sien, in jou getuienis-in-hoof het jy vir die hof gesê een van die redes hoekom jy geweet het daar is nie skool nie is u vriend het vir u vertel en die tweede rede is die oggend voor skool het jy nie gesien dat kinders, kinders wat gewoonweg skool toe gaan, gaan nie skool toe nie. -- Die tyd van die kinders om skool toe te gaan voor die skool begin het ek nog geslaap. So, daar is geen manier waarop ek sou gesien het dat daar nie kinders was wat skool toe gaan nie en tweedens, by die area waar ek woon, is daar nie 'n hoërskool nie. Met die gevolg het dit vir my nodig geword om na die skole toe te gaan om dit te sien.

So, normaalweg kan jy nooit sien as daar kinders is wat na die hoërskool toe gaan nie? -- Nee, voor hierdie gebeure

van/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

van die klasboikotte of die skoleboikotte kon ek sien as daar skool is, want daar is kinders in die area waar ek woon wat op hoërskoolvlak is en ek het ŉ vriend van my wat altyd by my aangedoen het as ons skool toe gaan.

Dan verstaan ek nie hoekom jy nou-nou vir die hof die antwoord gegee het om te sê dat daar is nie hoërskole nie en hoërskoolkinders wat skool toe gaan nie? -- Nee, ek het nie daarvan gepraat dat daar geen kinders was wat na hoërskole toe gegaan het in my area nie. Wat ek gesê het in my antwoord is dat daar nie ŉ hoërskool is in die area waar ek woon nie.

Ons los dit daar. Kan jy vir die hof sê was daar onderwysers by die skool toe jy hierdie Maandag die 13de Augustus wel besluit het om skool toe te gaan en skool toe gegaan het -- met my aankoms by die skool was die onderwysers in die personeelkamer.

Was daar klasse gewees wat aangegaan het? -- Nee, ek het weer gekry dat die kinders buite op die skoolterrein staan.

Waarvoor het die kinders gewag buite op die skoolterrein en jy ook? -- Nee, maar ek was nog nie daar nie. Ek het daar aangekom en gevind dat die kinders daar op die grond van die skool staan.

Het jy by hulle aangesluit? -- Ja, ek het by hulle aangesluit.

Dan vra ek weer vir jou, waarvoor het julle gewag? -- Ons het daar gestaan en hierdie ding bespreek van miskien die persone van die DET gee nie daaraan aandag, dit wil sê aan dit wat die polisie doen nie. Daarby bedoel ek ons het verantwoordelike mense vir die onderwys. Byvoorbeeld die skoolkomitee wat dinge moet opneem en dit is die mense

van/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

van wie ek praat wat die dinge moes opgeneem het met die DET en selfs die prinsipaal van die skool is teenwoordig en hy sien wat gebeur.

HOF : Laat ek net duidelikheid kry nou. Julle is nou die oggend daar by die skool en die persoon is in die personeelkamer. Het daar nie 'n onderwyser uitgekom en gesê maar kom in skool toe dat ons kan begin met die klas nie? -- Nee, nie een van hulle nie.

En het geeneen van julle daaroor gedink om aan te tree en te sê maar kom ons begin nou en gaan klasse toe nie? -- Nee.

Hoekom nie? -- Ons het nie daaraan gedink nie. Ek al u sê dit is omdat die meerderheid van die kinders nie by die skool opgedaag het nie.

Maar die van julle wat daar was kon seker klasse toe gaan? -- Ja, hulle kon klasse toe gegaan het, maar ek het gevind dat hulle daar buite staan.

Maar het nie een van julle na die onderwysers toe gegaan en gesê "Meneer, kan ons nou maar môre begin, asseblief" nie? -- Niemand nie.

So, is die antwoord dan julle wou nie skool hê nie? -- Nie dat ons nie skool wou gehad het nie, maar ons het nog nie reggekom met dit wat ons geëis het nie.

So, is die antwoord dan totdat julle eise aan voldoen sou wees, sou julle nie skool hê nie? -- Nee, die antwoord is dat as die polisie nie met ons ingemeng het by daardie optog van ons nie, sou ons net gedemonstreer het in daardie optog en deur die woonbuurt gestap het in die optog en na ons dit gedoen het sou ons nou weer gepraat het dat ons teruggaan skool toe. Dit wil sê die volgende dag.

Maar/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Maar nou is ons op Maandagoggend. Soos die posisie staan het op Maandagoggend was julle standpunt, maak nie saak hoekom nie, ons gaan nie meer skool hê totdat aan ons eise voldoen is nie? -- Nee, nie dat ons nie skool wou gehad het nie.

Nee, maar kom ons word nou groot. U is darem nou al in matriek. As jy skool wou gehad het en jy was lus om skool te loop, dan het jy seker skool geloop. Is dit nie so nie? -- Ja, as dit 'n normale skool was sou ek skool toe gegaan het en skool geloop het.

En julle het self besluit julle gaan nie skool loop nie omdat daar sekere dinge is waarvan julle nie hou nie? -- Ons sou dit gedoen het, maar ons het verwag dat die prinsipaal vir ons moet kom vra as studente wat gebeur dat ons dan vir hom kan sê wat die moeilikheid is.

Julle kon nie self vir hom gaan sê het nie? -- Nee, ons kon nie.

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : Jou antwoord op een van die vrae was julle sou skool toe gegaan het as dit 'n normale skool was. Wat bedoel jy met 'n normale skool? -- Daarby bedoel ek as die situasie normaal was sonder hierdie boikotte van die klasse en die skole, sou ek skool toe gegaan het.

HOF : Maar die boikotte van die klasse en die skole is iets wat sy oorsprong by julle gehad het, nie by iets anders nie. Julle het mos daarmee begin? -- Hoe? Hoe het ons dit begin?

Deur weg te bly van die klasse af? -- Dat ons nie die klasse bygewoon het nie, was na aanleiding van ons besprekings wat ons gehad het en dus het dit by ons skool begin.

Met ander woorde, dit het in jou eie hande gelê om weer terug te gaan skool toe as jy wou? -- Ek alleen sou dit nie

kon/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

kon besluit het nie, want hier is die polisie, hulle het ons nou gekonfronteer, ek was saam met die ander kinders gewees, ek kon nie op my eie 'n besluit geneem het nie.

Wie is dan jou baas? -- Volgens my is ek 'n baas van my eie, maar aangesien hierdie voorval plaasgevind het waar die ander skoolkinders teenwoordig was, beteken dit dus dat ek ook saam met hulle moet wees, want ek wil nie 'n lafaard word nie.

Ek wil net 'n ding aan u stel vir kommentaar. U getuienis is dat dit 'n spontane aksie was wat ontstaan het uit 'n grief oor die skoonmaak van die skool en die skoolperseel en dat dié protes sou net daardie middag duur? -- Ja.

As dit waar is vind ek dit moeilik om te begryp hoe daardie protes dan geduur het van daardie middag af tot verby die end van die jaar? -- Die oorsaak daarvan was deur die polisie wat toe begin het met die skietery.

MNR. JACOBS : Op hierdie dag, Maandag, 13 Augustus het julle weer gewag vir Davey se kinders? -- Nee, volgens my en die kinders wat daar gestaan het, het ons nie vir Davey se kinders gewag nie.

En hulle het ook werklik daar aangekom? -- Hulle het soontoe, na ons skool toe gevlug, nie dat hulle eintlik op pad was na ons skool toe nie.

Jy sien, dit verstaan ek nou baie moeilik. As hulle nou vlug dat hulle na julle skool toe vlug en dat hulle nie in die woongebied in vlug na hulle huise toe nie? -- Dit sal ek nie weet nie, maar wat ek vir u sê is dat ek het 'n geraas gehoor in die rigting van Mookistraat en die kinders het na ons skool toe gevlug. Al het u verwag dat hulle na die huise toe gevlug het daar in die woonbuurt, is dit nie almal van

hulle/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

hulle wat daarin sou kon geslaag het om na die huise toe te vlug nie.

En ek wil dit ook aan jou stel dat as julle dit nie verwag het nie en daar het niks by julle skool toe aangegaan daardie oggend nie, dan het jy huis toe gegaan? -- Op daardie stadium het ek nog nie ŉ besluit geneem of ek huis toe moet gaan of wat nie. Ons was nog besig om daar te praat.

Ek wil dit aan jou stel dat by al hierdie geleenthede toe die polisie ontmoet was, het die polisie julle gewaarsku en julle het die polisie met klippe gegooi? -- Nee, ek hoor dit vir die eerste keer nou.

Sê vir my, toe jy weggehardloop het op 13 Augustus van die skool af, hoekom het jy nie direk huis toe gehardloop as jy so bang was vir die polisie nie? -- Wanneeer? Die Maandag?

Ja? -- Die Maandag het ek gevlug na die voor ingang, want ek was by die agterste ingang gewees en sodoende was ek dan in die rigting om te vlug na my huis toe.

Van die voor ingang af, hoekom het jy nie huis toe gevlug nie? -- Ek het huis toe gevlug.

Reguit huis toe? -- Toe ek die uitgang bereik het van die voorkant van die perseel is ek daar uit en het direk huis toe gevlug.

Het jy al die pad gehardloop tot by die huis? -- As ŉ mens weghardloop is dit nie ŉ kwessie van dat ek die hele pad moet hardloop nie. Daar is ŉ sekere plek waar ek ŉ bietjie asem moet haal en stadig wees om ŉ bietjie te rus van die hardloop.

Laat ek dit so stel. Het jy gehardloop, ŉ bietjie geloop, ŉ bietjie asem gehaal en dan weer verder gehardloop tot

by/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

by die huis? -- Ja, dit is wat ek gedoen het.

Goed, ek los dit daar. Ek wil net oor hierdie vergadering wat julle gehou het vra. Julle het mos nou geweet daar is nou 'n boikot, die skole gaan nie aan nie. Hoekom het julle gaan vergadering hou?

HOF : Laat ons net die datum kry. Is dit op die 17de?

MNR. JACOBS : Op die 17de. 17 Augustus 1984? -- Toe ek die inligting gekry het dat die kinders daar 'n besluit gaan neem om terug te gaan skool toe, het ek baie bly geword. Dit is hoekom ek na die vergadering toe gegaan het.

Wanneer het die kinders besluit om terug te gaan skool toe? Laat ons dit net eers duidelik kry? -- Ek het van 'n vriend van my gehoor dat daar 'n vergadering gehou gaan word op hierdie dag vir al die hoërskole van Daveyton. Ek weet nie wanneer dit besluit was nie.

Ek wil nie weet besluit was om 'n vergadering te hou nie. Jy het vir die hof nou net gesê jy het baie bly geword toe jy gehoor het die kinders het besluit om terug te gaan skool toe. Nou vra ek vir jou wanneer het hulle dit besluit? -- Die vergadering was bedoel vir die kinders om bymekaar te kom waar dit verwag was om 'n besluit te neem in hierdie vergadering om terug te keer skool toe, want die polisie was alreeds betrokke gewees by meer gevalle.

So, is dit nie so nie, jy het nou weer vir die hof 'n verkeerde ding vertel, want blykbaar was daar nog nooit so 'n besluit gewees, ten minste voor 17 Augustus 1984 dat die kinders teruggaan skool toe of ook op die 17de nie? -- Wat is u stelling? Is u stelling dat ons op die 17de besluit het dat die kinders terugkeer skool toe?

Nee, ek het dit nog nooit beweer nie. My stelling is

dit/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

dit was nooit besluit gewees voor die 17de of op die 17de dat die kinders moet teruggaan skool toe nie en toe jy nou-nou vir die hof gesê het jy was so baie bly omdat die kinders besluit het julle moet teruggaan skool toe het jy nie die waarheid vir die hof vertel nie?

HOF : U is darem nie heeltemal reg nie. Hy het gesê hy het gehoor dat daar besluit sal word om terug te gaan skool toe op die 17de. Dit is waarom hy bly was.

MNR. JACOBS : Aanvanklik het hy getuig ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Nee, dit was sy heel eerste getuienis.

MNR. JACOBS : Ek wil dit aan jou stel, is dit nie wat genoem was in hierdie dokument ABA65 nie, die tweede laaste paragraaf "Combined with the violence the authorities have now suspended classes hoping to disorganise and disunite us. By doing this they want us to go back to school and let us forget our demands. Everything is up to us. Let us meet at Mabuya at 07h30 to discuss what to do next." Is dit nie die vergadering waarvan jy praat nie? -- Ek weet niks daarvan nie. Ek het nie eers hierdie pamflet gesien nie.

En is die ding nie so dat daar was nooit ŉ moontlikheid van ŉ besluit dat julle sou teruggaan skool toe nie voordat aan al julle eise voldoen is nie? -- Nee, dit is nie so nie.

HOF : Maar is dit so dat die owerhede op ŉ stadium gesê het omdat julle die skole nie bywoon nie sluit ons die skole? -- Ek het daarvan gelees in ŉ koerantberig.

Wanneer was dit? -- Dit was al ŉ hele tyd dat ons opgehou het om skool toe te gaan en na die polisie alreeds geskiet het.

Ja, maar die polisie het nou al op die eerste dag geskiet. Hoe lank is dit - is dit kort na die Maandag of lank na die Maandag? -- Dit was ŉ paar weke, lank na die Maandag wat ek

daarvan/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

daarvan gelees het.

MNR. JACOBS : Is dit reg dat Hulwazi Skool wou nie deelneem aan die skoleboikot nie? -- Ek sal nie sê dat dit heeltemal reg is nie, want daar is van Hulwazi se skoliere wat hier by ons betrokke was wat nie eksamens geskryf het nie.

In Augustusmaand was dit nie eksamentyd nie, dit was eers daarna? -- In daardie tyd van Augustusmaand het ons nie die punt bereik naamlik Mabuya nie.

So, in Augustusmaand was dit baie belangrik vir julle om hulle te kry om deel te neem aan die skoleboikot vir die eenheid wat julle daar probeer bewerkstellig het? -- Ja, dit was belangrik gewees.

En julle wou gehad het hulle moes deel vorm van die skoleboikot? -- Nee, as u dit nou so stel weet ek nie of dit reg is nie, maar wat ek vir u kan sê is dat ons wou gehad het dat hulle ook by ons aansluit soos skoliere van Daveyton by een van die skole te Daveyton wat ook geaffekteer word deur dieselfde dinge wat ons affekteer.

Is dit reg dat in hierdie botsings wat daar plaasgevind het met polisie is daar mense noodlottig gewond gewees? -- Nie in daardie tyd nie. Die polisie het net met die traangas geskiet en sambokke gebruik om mense daarmee te slaan. Niemand was noodlottig gewond nie.

Op 8 September 1984 was daar 'n begrafnis gewees wat gehou was in die stadion? -- Ek kan nie meer so goed onthou in watter maand dit was nie. Ek kan wel onthou dat daar wel 'n begrafnis was wat by die stadion gehou was.

Dit is by die Sinaba stadion te Daveyton? -- Ek het daarvan gehoor, ja, dat dit daar gehou was.

En jy het daardie begrafnis ook bygewoon? -- Nee, ek

het/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

het dit nie bygewoon nie.

Is jy seker? -- Ja, ek is seker.

Ek wil dit aan jou stel jy was by daardie begrafnis en jy was tussen die COSAS groep onder 'n COSAS vlag wat daardie begrafnis bygewoon het? -- Nee, ek hoor dit van u af. Ek weet nie daarvan nie.

Ek gaan vir die hof nou-nou vra om net na 'n greep uit die video wat ons hier het te kyk. Ek stel dit aan jou, volgens my waarneming lyk dit vir my is jy 'n persoon wat daar gesing het. Ons sal dit nou-nou wys en dan kan ek jou daaroor vra. Ek wil dit aan jou stel dat COSAS het daar georganiseer in Tembisa en direk georganiseer ten aansien van hierdie skoleboikot?

HOF : Tembisa?

MNR. JACOBS : Daveyton, ekskuus. -- Nee, ek ontken dit.

Sal jy saamstem dat daar was heelwat besluite geneem volgens jou getuienis wat indringende besluite was? Daar was besluite geneem gewees onder andere dat hierdie vergadering gehou moes word waarvan jy nie eers weet nie? -- Watter vergadering nou? Praat u van die vergadering wat ons begin het met hierdie boikotte of watter een?

Hierdie laaste vergadering op 17 Augustus 1984.

HOF : By Mabuya skool as ek reg onthou.

MNR. JACOBS : Hy het gesê by Davey skool. -- Ja, die vergadering was gehou te Davey High School.

HOF : Wie het die vergadering belê? -- Ek het van 'n vriend van my gehoor dat daar 'n vergadering gehou gaan word vir skoolkinders.

Is u antwoord "Ek weet nie"? -- Ja.

MNR. JACOBS : Daar is 'n besluit geneem dat op 10 Augustus

1984/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

1984 sou daar weer ꞌn optog gewees het waarvan jy blykbaar niks weet nie?

HOF : Op watter dag sou die optog wees? Op 10 Augustus, maar die vergadering sou op 17 Augustus wees?

MNR. JACOBS : Ja, ek vat nou ꞌn tweede punt. Die vergadering was heel laaste gewees.

HOF : U moet die ding asseblief duidelik stel anders gaan u die getuie deurmekaar maak. U is besig om aan hom te vertel daar is ingrypende besluite geneem onder andere van die vergadering. Nou vra ek die getuie wie belê die vergadering. Nou praat ons van die vergadering. Nou sê u daar is ꞌn besluit geneem verwysende na die vergadering oënskynlik op 10 Augustus?

MNR. JACOBS : Nee, dan is ek jammer dan is dit klaar verby. Dit is ꞌn ander besluit. Behalwe die een van die vergadering ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Ja, nou maar - ja, gaan maar voort.

MNR. JACOBS : Ek wil net almal vir hom terugwerk. Op 10 Augustus 1984 was daar vir daardie dag ꞌn besluit geneem waarvan jy blykbaar nie weet nie dat daar sal voortgegaan word en daar gaan met alle geweld nou voortgegaan word om Mabuya skool te bereik met ꞌn optog.

HOF : Is u nie nou besig om u saak te argumenteer nie? Hierdie getuie gaan net sê hy weet nie. U kan dit maar laat vir die einde van die saak indien dit ooit aanbreek.

MNR. JACOBS : Ek wil net vra, ek wil een aspek kortliks aan hom wys dat hy net kan sê.

HOF : Nee, maar gaaf. Dit is seker ꞌn welkome afwisseling om weer iets anders te doen.

HOF VERDAAG. HOF HERVAT.



Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

GEORGE MABENA, nog onder eed

MNR. JACOBS : Edelagbare, hulle kon nie die klank regkry nie. Ons sal net die beeld vertoon. Dit is op 'n National VHS masjien nr. H3KEO nr. 1866 en die lesing waar dit geneem word is vanaf lesing 240 en dit gaan oor die begrafnisrede wat gehou was in die stadion op 8 September 1984.

VERDERE KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. JACOBS : (Video word vertoon) Die bewering is daar hierdie persoon met die wit T-hempie wat heel voor staan meer na die linkerkant van die skerm toe voor die man met die geel T-hemp dat dit is die getuie.

HOF : Die man met die regterhand in die lug bo 'n elmboog? -- Nee, ek lyk nie so nie. Ek het al myself in die spieël gesien.

MNR. JACOBS : Dit is die deel wat ek aan hom wou gewys het. Het u enige begrafnis bygewoon in Daveyton? -- Nee, ek het nie 'n begrafnis bygewoon nie.

Ek wil net vir u 'n paar vrae vra van persone. Het jy daar in Daveyton vir Kaifas Mathibe alias Maisi. Hy was in 1984 van Mabuya High School? -- Ja, ek ken hom.

En Alexander Rapodile ook van Mabuya Hoërskool? -- Ja, ek ken vir Alex.

Dit is in 1984 was hy in die skool daar? -- Bedoel u dat hy saam met my in 1984 by Nyathi was?

Hy was in 1984 in Mabuya Hoërskool? -- Ja, dit is so.

En Moras Nyoka? -- Ek ken nie so 'n persoon nie.

Hy was ook in 1984 in die skool van Mabuya? -- Nee, ek ken hom nie.

En David Monyokoseli. -- Ek ken hom.

Was hy ook in 1984 in die Mabuya Hoërskool? -- Ek kan nie met sekerheid sê nie, maar waarvan ek wel weet is dat

in/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

in 1987 was hy ŉ skolier te Mabuya.

En Barley Sematle. In 1984 was hy ook in die Mabuya Hoërskool? -- Ek ken nie die persoon Barley nie.

En Vusi Ntsoreng? -- Nee, ek ken hom nie.

Hy was in Mabuya Hoërskool in 1984? -- Ek ken hom nie.

En Charlie Moleko? -- Ek ken hom nie.

Alfred Maruapula? -- Ek ken hom nie.

En Star Motswere? -- Ek ken hom nie.

Nog nooit van Star gehoor nie? -- Nee, ek het nog nie van hom gehoor nie.

En Aubrey Nxumalo? -- Ek ken vir Aubrey, ja.

En hy was ook in 1984 in Mabuya Hoërskool? -- Ek ken hom by Davey Hoërskool, nie Mabuya nie.

HOF : Was hy in 1984 in Davey Hoërskool? -- Ja, in 1984 was hy in Davey.

MNR. JACOBS : Ek wil dit net aan jou stel dat hierdie mense wie se name ek nou aan jou uitgelees het was almal lede van COSAS se bestuur gedurende 1984? -- Dankie dat u vir my die inligting gee, ek het nie geweet nie.

Jy gaan nou skool tussen daardie mense, jy weet nie eers van hierdie mense se aktiwiteite nie. Wil jy dit vir die hof te kenne gee? -- Die vraag is nie duidelik nie.

Het jy enige herdenkingsdienste bygewoon in Daveyton gedurende 1984? -- Nee, ek onthou nie dat ek een bygewoon het nie.

Het jy enige vergaderings bygewoon? -- Vergaderings? Nee. Die enigste vergadering wat ek bygewoon het was die een waar ŉ besluit geneem moes word te Davey.

En wie was die voorsitter op daardie vergadering by Davey waar die besluit geneem moes word? -- Ek het gesê ek weet

nie/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

nie wie die voorsitter was nie.

Van watter skool was hy gewees? -- Ek verstaan nou nie wat u daarby bedoel nie. Wie van watter skool af?

Die voorsitter op daardie vergadering wat julle gehou het in Daveyton by Davey Skool op 17 Augustus 1984? -- Ek weet nie wie die voorsitter van daardie vergadering van 17 Augustus 1984 was nie.

Maar my vraag is, weet jy van watter skool is hy? -- Nee, ek kan nie meer onthou van watter skool die persoon gekom het nie.

RE-EXAMINATION BY MR YACOOB : In answer to a question by my learned friend you said that at the stage when the police fired teargas at you on Friday 10 August 1984 there was some distance between the head of the march and the police. Is that correct? -- Yes, I do remember that.

Can you give an indication of that distance, please? -- It was about thirty metres.

ASSESSOR (MR KRUGEL) : How far is 30 metres, please? -- (Witness indicates distance)

It is about right.

MR YACOOB : You also conceded in answer to a question from my learned friend that there was agitation against inter alia the age limit in 1984. Do you recall that? -- Yes, there was some dissatisfaction about that.

What did you mean by agitation? What in fact happened? -- By that I mean one would find children being three or two together discussing this issue of the age limit. At times that would happen during the break.

The police were present on both the 9th and 10 August 1984. Did you hear any policeman before teargas was fired

asking/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

asking you to stop? -- No, I do not recall any policeman saying that.

ASSESSOR (MR KRUGEL) : Mr Mabena, where did you grow up? -- Daveyton.

Do you know the East Rand at all? -- Not every part of the East Rand, but I do know the East Rand.

Do you know Kemptonpark? -- No, I do not know that place.

Do you know Jan Smuts Airport? -- I have never been there personally to say that I know the place, except to say that for instance travelling by car then you would find there is a board indicating a direction of Jan Smuts Airport or Kemptonpark. Otherwise physically I have never been there.

Do you know Tembisa? -- Yes, I have been to Tembisa.

How far is that from Daveyton? -- It is quite far. I am not in a position to estimate what the distance could be.

Do you know any people there? -- Yes, my mother's aunt lives there.

How often do you come there? -- I once paid her a visit when I was still very young. Otherwise now recently I have never been there. It is only my mother who goes visiting there.

NO FURTHER QUESTIONS.

- - - - - - - - - - -

MR YACOOB : I call Mrs Martha Peter. She will speak Zulu and she is also from Daveyton.

MARTHA PETER, d.s.s. (Through interpreter)

EXAMINATION BY MR YACOOB : Mrs Peter, where do you live? -- In Daveyton.

What is your address? -- 3566 is the house number in Tungeni Street.

Did/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Did you know a person by the name of Sibongile Kubheka in her lifetime? -- Yes, I know her.

Where is your house in relation to the house in which Sibongile Kubheka lived at the time? -- Her house is diagonally front opposite my house.

Do you remember an occasion when Sibongile was injured? -- Yes, I do remember.

Did you go to work on that day? -- No.

Can you recall what year this was? -- Yes, I can.

What year was it? -- In 1984.

Can you recall the month of the year or not? -- Not quite, if I were to guess somewhere towards December.

Was Sibongile injured in the morning, in the evening or in the afternoon? -- It was already late afternoon. If I were to estimate about 18h00.

Please tell the court what happened? Were you inside your house or what? -- I was in the house at about that time. I went out of my house through the kitchen door and stood outside.

Is your kitchen door situated at the back of your house or at the side of your house or where? -- It is on the side of the house.

You went outside the kitchen door and what did you see? -- Whilst standing there I noticed Sibongile coming from behind the house, that is around the corner towards the gate. She walked towards the front of the house and came to stand next to her mother's bedroom window.

What happened next? -- While I was standing there, she also standing where she was, a hippo emerged.

You describe this vehicle as a hippo, I wonder if you

could/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

could tell the court what colour it was? -- The colour of that hippo was brownish, which was green influenced. Something of that sort.

Did this vehicle have any windows? -- No.

I want you to imagine that you are standing at your home but facing the road which runs in front of it and tell the court whether this hippo came from your left-hand side as you are standing there or from your right-hand side? -- This came from my left.

COURT : And the house of Sibongile, was that diagonally across to the left or across to the right? -- Towards my left.

MR YACOOB : You saw the hippo coming. What happened after that? -- I saw this hippo approaching. It drove past Sibongile's house coming towards the direction of my house now. It was approximately opposite my front door when I heard the sound of "qhu".

What did you see after you heard that sound if anything? -- After I heard the "qhu" I saw Sibongile falling.

I want to know, did you see any people in or on this vehicle that you saw? -- Yes, I did see some people on that vehicle.

Were these men or women? -- Men.

What were they wearing? -- They were wearing coloured overalls with different colours. "Hlaza" could be blue or green mixed with blue or green. The colours I am talking about on these overalls was green mixed with other colours on the overalls.

Were they on or inside this motor vehicle? -- There were people on the vehicle, that is on the back of it and there were others on the sides. Those who were on the vehicle

were/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

were standing and these on the side were half bending.

Did these men have anything in their hands? -- Yes.

What was it? -- Guns.

What did you do immediately Sibongile had fallen? -- I ran to Sibongile's house. I came there and found Sibongile on the ground. I lifted her head once and put it down again and lifted it for a second time and again put it down on the ground.

What did you do after that? -- I then placed my finger on her eyes and realised that there was no movement from her eyes.

Did you think that Sibongile was still alive or not? -- No, I realised that she was dead.

COURT : Where was the wound? -- (Witness indicates on head) The right temple.

MR YACOOB : Was anything borrowed from you for Sibongile's funeral? -- Yes.

What was it? -- A bath.

COURT : A bath-tub? -- Yes.

MR YACOOB : Did you go to Sibongile's house on the day of the funeral? -- I went to Sibongile's but I did not go to the burial.

What were you doing? -- We were cooking.

Do you remember whether there was any activity or whether there was any hippo present at the stage when the people returned from the grave-yard? -- Yes, there was a hippo.

At the stage when the people returned, were there any containers in front of the house? -- Yes, there were containers which were starting from the house on the right next to

Sibongile's/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Sibongile's house to the house which is on their left.

What containers were these? -- These were bath-tubs made of corrugated iron.

Full of water? -- Yes.

What people would use their hands to wash their hands when they came back? -- Yes.

You are saying that there was a hippo at the stage when people came back. What happened? -- The people had already come from the grave-yard when the hippo emerged and approached in the direction of Sibongile's house. This deviated from the road driving onto the pavement running over the containers which contained the water and after having done that, it again swerved back into the road.

How many containers were damaged as far as you can recall? -- Three or four.

Did you get your own bath-tub back again? -- Sibongile's mother bought me a new one.

K1291 KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. JACOBS : Op die dag wat die voorval nou plaasgevind het, het u vir die hof gesê u was in u huis gewees? -- Ja, ek was by die huis.

Hoekom het u na buite gegaan? -- Ek het net uitgegaan om koel te kry daar buite.

Dit is nie iets wat jou aandag getrek het om na buite te gaan nie? -- Nee, niks nie. Ek het net gevoel ek het vars lug nodig en toe besluit om uit te gaan.

Was jy alleen gewees? -- Binne-in die huis was ek saam met my kinders gewees.

En buitekant? -- Buite het ek alleen gestaan.

En gedurende daardie tyd toe hierdie dinge plaasgevind het, was daar onluste in Daveyton aan die gang? -- Tungeni

was/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

was stil gewees.

HOF : Dit is u straat? -- Ja.

MNR. JACOBS : Maar my vraag was meer as dit. Was daar in die woonbuurt onluste daardie tyd gewees? -- Op hierdie dag spesifiek of wanneer?

Daardie dag en ook die dae voor dit? -- Wat die vorige dae betref kan ek nie onthou nie, maar wat hierdie dag spesifiek betref was dit stil gewees.

Hoe is dit nou moontlik dat jy nou hierdie dag onthou dat dit stil was, maar die vorige dag kan jy nie onthou nie? -- Dit is omdat ek nie so oplettend was omtrent dinge wat daar gebeur het nie.

Hierdie dag was jy besonder oplettend? -- Nee, om eintlik die waarheid vir u te sê ek het niks spesifiek opgelet nie. Ek het net uitgegaan vir die vars lug.

Het u vir hierdie vrou Sibongile geroep of het sy self na die voorkant van haar huis gekom? -- Ek het haar nie geroep nie. Sy het op haar eie daar te voorskyn gekom.

HOF : Was dit ŉ volwasse vrou? -- Sy was nie ŉ volwasse vrou gewees nie. Sy was ŉ meisie wat net met die skool opgehou het. Dit was haar eerste maand wat sy begin het om te werk toe die voorval plaasgevind het.

MNR. JACOBS : Was sy alleen gewees? -- Ja.

Was daar ander mense in die straat gewees? -- Nee, ek het niemand gesien in die straat nie.

U sê die hippo het toe gekom. Het hulle enigiets in jou rigting gedoen? -- Nee.

Hoe het sy gestaan daar toe die hippo verby haar gegaan het? Het sy na die hippo na die straat se kant gekyk? -- Ja, sy het gestaan en na die straat toe gekyk.

Direk/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Direk met haar hele voor aansig straat se kant toe? -- Ja.

En die hippo het blykbaar volgens ek jou getuienis gehoor en verstaan het verby haar gery totdat dit ongeveer voor jou huis was voordat iets gebeur het? -- Ja, dit is so.

En as ek reg verstaan het dan moes die hippo van haar regterkant af gekom het en verby haar beweeg het? -- Nee.

Kyk, julle staan mos en kyk na mekaar toe. Julle is min of meer gesig aan gesig? -- Ja.

So, van jou linkerkant af het die hippo gekom? -- ja.

En as sy aan die oorkant van daardie selfde pad staan en na jou kant toe kyk, het dit mos van haar regterkant af gekom? -- Dit sal ek nou nie kan sê nie, maar ek sal die volgende moet verduidelik. Die sykant wat die hippo op gery het van die straatoppervlakte was aan die kant van Sibongile se huis waar dit geleë is, nie aan my kant van die straat nie. Soos ek daar staan het die hippo van my linkerkant se rigting gekom om by my verby te kom.

En sy was aan die oorkant van daardie pad, die pad waarop die hippo gery het was tussen jou en Sibongile? -- Ja, dit is so.

En haar huis is skuins links oorkant joune as ek reg verstaan het? -- Ja, dit is skuins voor my huis.

En die hippo het alreeds by haar huis verbygegaan tot voor jou eie huis?

<u>HOF</u> : Die antwoord is ja, ongeveer voor haar voordeur.

<u>MNR. JACOBS</u> : Ek wil dit aan jou stel as die skoot daarvanaf geskiet is soos jy vir die hof hier verdudielik het, dan sou dit aan haar regterkant getref het en nie aan haar linkerkant soos u dit hier verduidelik het nie? -- Die besering is aan die regterkant soos ek dit aangedui het. Ek sal nie

weet/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

weet of dit gebeur het terwyl sy gedraai het of wat sy besig was om te doen toe sy beseer word nie. Dit sal ek nie kan sê nie.

Maar toe jy haar gesien val het het sy nog na jou kant toe gekyk, is dit nie so nie? Dit is na die straat se kant toe? -- Sy het nog in die rigting van die straat gekyk.

Nou stel ek dit aan u die weergawe wat u hier vertel as sy op daardie stadium nog na die straat gekyk het toe die skoot gevuur is, kon die voorwerp wat haar getref het nie van hierdie hippo af gekom het om haar op haar regterslaap te tref nie. Dit is 'n onmoontlikheid? -- Ek sê nie dit is so nie, maar dit is 'n moontlikheid. Die hippo gaan by haar verby, sy staan en kyk in die rigting van my huis, dit wil sê na die straat se kant toe. Met die verbygaan van die hippo, as sy met die hippo haar oë gedraai het, dit wil sê gevolg het om te kyk in die rigting van die hippo, dan kon daardie voorwerp vir haar aan die regterkantste slaap getref het.

HOF : Het u die voorwerp ooit gesien wat haar getref het? -- Ek het dit nie gesien nie. Ek het net die geluid "qhu" gehoor. Later het ek gesien dat sy val.

MNR. JACOBS : Is dit nie so nie dat hierdie geluid "qhu" kon van enige kant af gekom het, enige plek? -- Ja, maar die persone wat vuurwapens gehad het is die persone wat op die hippo gesit het en in die rigting van Sibongile gekyk het.

Het jy gesien dat daar enigsins geskiet word deur hulle, dat daar rook uitgaan, dat daar vuur uitgaan? -- Nee, ek het geen rook gesien nie. Ek het net die geluid van "qhu" gehoor.

Het jy in enige geregtelike ondersoek getuienis gegee en 'n verklaring afgelê oor hierdie insident? -- Nee.

Wat/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Wat het van haar liggaam geword? -- Wat gebeur het is, hulle het die voorval by die polisie gaan rapporteer en die lyk het daar buite gelê tot laat in die nag. Toe dit nou laat in die nag geword het en dit koud was, is die lyk van Sibongile toe verwyder na die huis toe.

MR YACOOB REQUESTS PERMISSION FOR ACCUSED NO. 17 TO GO TO THE HOSPITAL ON 13 APRIL 1988.

PERMISSION IS GRANTED.

HOF VERDAAG TOT 13 APRIL 1988.

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.